FRIESPERD Telersgenootskap van Suid Afrika — FRIESIAN HORSE Breeders' Society of South Africa

# ALGEMENE REGULASIES EN REËLS TEN OPSIGTE VAN FRIESPERDTELERSGENOOTSKAP SKOUE

## INHOUDSOPGAWE

**Bladsye**

**HOOFSTUK 1 SKOU ORGANISASIE**

1. Plek van Skou ....................3
2. Skoukomitee .................... 3-4
3. Beoordelaars .................... 4-5
4. Baanbeamptes ....................5
5. Versamelplek Beamptes....................5
6. Aankondigers .................... 5-6
7. Vereistes vir ‘n Amptelike Skou ....................6

**HOOFSTUK 2 ETIESE KODES**

1. Skou-Etiek ....................7

**HOOFSTUK 3 ALGEMENE REËLS**

1. Algemene Reëls ....................8-10

**HOOFSTUK 4 HANDKLASSE**

1. Handklasse – Algemene Reëls....................11
2. Handklasse – Toerusting....................11
3. Handklasse – Kleredrag....................12
4. Handklasse – Versamelplek prosedure....................12
5. Handklasse – Skoubaan prosedure .................... 12-13
6. Handklasse – Beoordeling Rasstandaarde .................... 13-14
7. Handklasse – Beoordeling Beweging ....................14
8. Handklasse – Klaslys tydens skoue .................... 15-16

**HOOFSTUK 5 RYKLASSE**

1. Ryklasse – Algemene Reëls ....................17
2. Ryklasse – Perde toelaatbaar vir Kinder Ryklasse .................... 17-18
3. Ryklasse – Kruisinskrywingsreël Ryklasse ....................18
4. Ryklasse – Beslaan en hoeflengtes vir onderskeie Ryklasse ....................19
5. Ryklasse – Toerusting .................... 19-20
6. Ryklasse – Kleredrag.................... 20-21
7. Ryklasse – Versamelplek Prosedure ....................21
8. Ryklasse – Skoubaan Prosedure .................... 21-23
9. Ryklasse – Beoordeling.................... 24-26
10. Ryklasse – Klasindeling .................... 26-27
11. Ryklasse – Klas tydens skoue.................... 28-32

**HOOFSTUK 6 TUIGKLASSE**

1. Tuigklasse – Algemene Reëls ....................33
2. Tuigklasse – Kruisinskrywingsreël Tuigklasse .................... 33-35
3. Tuigklasse – Toerusting ....................35
4. Tuigklasse – Kar en Tuig ....................35
5. Tuigklasse – Kleredrag....................36
6. Tuigklasse – Kinder Tuigklasse ....................36
7. Tuigklasse – Dames Tuigklasse ....................36
8. Tuigklasse – Universele Tuigklasse ....................36
9. Tuigklasse – Koetsperde Klasse ....................36
10. Tuigklasse – Versamelplek Prosedure.................... 36-37
11. Tuigklasse – Skoubaan Prosedure .................... 37-38
12. Tuigklasse – Beoordeling Tuigklasse....................38
13. Tuigklasse – Klaslys.................... 38-42

**HOOFSTUK 7 VERTOONKLASSE**

1. Vertoonklas – Algemene Reëls ....................43

**HOOFSTUK 8 JAARLIKSE TOEKENNINGS** ....................44-45

**HOOFSTUK 9 GANGE T.O.V. VERSKILLENDE DISSIPLINES** ....................46-47

**HOOFSTUK 10 "WESTERN" PLESIERPERD** .................... ......48

## HOOFSTUK 1

## SKOU ORGANISASIE

**DOEL**
Om ‘n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat die regulasies en reëls ten opsigte van skoue is.

**1. PLEK VAN SKOU**

Die volgende Streek Skoue is goedgekeur naamlik.

a) Hopetown
b) Magogong
c) Secunda
d) “Ander” soos van tyd tot tyd goedgekeur deur die Raad.

Die volgende nasionale skoue is goedgekeur naamlik:

a) Tulbagh (2018, daarna elke tweede jaar) – uitgestem AJV 2019;
b) Hopetown (2019, daarna elke tweede jaar) – ingestem AJV 2019 vir elke jaar;
c) Hopetown vanaf 2020 elke jaar tot verdere kennisgewing;
d) Vanaf 2022 sal die plek bepaal word tydens die jaarlikse AJV.

Skoukomitees waarvan die Skoue nog nie goedgekeur is deur die Raad nie, moet op die voorgeskrewe wyse aansoek doen. Sien dokument : “Handleiding vir Amptelike Skoue”.

**2. SKOUKOMITEE**

Die Skoukomitee moet uit twee (2) afsonderlike lede van die Friesperdtelersgenootskap bestaan.

Die pligte, verantwoordelikhede en magte van die Skoukomitee is soos volg:

a) Toesien dat die skou binne alle reëls en regulasies van die Friesperdtelersgenootskap plaasvind.
b) Die aanstel van Beoordelaars vir Streek Skoue, na die goedkeuring deur die Raad van die genomineerde lys voorgelê deur die Skoukomitee, sestig (60) dae voor die aanvangsdatum. Beoordelaars vir Nasionale Skoue sal volgens die Grondwet klousule 12.3.7 geskied. Alle Beoordelaars vir die Nasionale Skoue sal deur die lede benoem word en hul name sal nie later nie as twee weke (14 dae) voor die Algemene Jaarvergadering by die kantoor van die Genootskap skriftelik ingedien word. Die benoemdes moet vooraf gekontak word om te bevestig of hulle beskikbaar is, aldan nie. Die Beoordelaars sal deur die Skouvergadering verkies word en op die Algemene Jaarvergadering bekragtig word.
c) Beoordelaars mag slegs in kennis gestel word deur die Skoukomitee na die goedkeuring, in b) hierbo, ontvang is vanaf die Raad.
d) Die aanstel van Beoordelaars vir Klub skoue, sonder goedkeuring deur die Raad.
e) Die aanstel van Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes asook die Aankondiger.
f) Toesien dat Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beampte asook die Aankondiger binne die neergelegde reëls, tydens die skou, funksioneer.
g) Die onderhandeling, en betaling van alle ooreengekome kostes ten opsigte van die Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes en die Aankondiger.
h) Op die voorgeskrewe wyse die inligting, soos versoek, aan die Sekretaresse van die Friesperdtelersgenootskap deurgee, met ‘n minimum van sestig (60) dae voor die aanvang van die skou. Sien vorm “B” aangeheg.
i) Opvolg en toesien dat die Sekretaressse van die Friesperdtelersgenootskap die skou inligting

aan die Lede deurgee per epos binne ‘n periode van minimum dertig (30) dae voor die sluitingsdatum vir inskrywings, soos aangedui in vorm “B”.

j) Die reg voorbehou, in belang van die skou, om skouklasse te skrap en/of saam te voeg, nadat inskrywings ontvang is.

k) Die bepaling van die inskrywingsgelde, stalgelde en enige ander gelde wat per inskrywing betaalbaar mag wees.

l) Toesien tot die vordering van alle gelde ten opsigte van die inskrywings tot die skou.

m) Die verkryging van borge na goeddenke.

n) Die daarstel van rosette en/of pryse.

o) Hantering van bemarking en advertensies vir die betrokke skou.

p) Die administrasie, bestuur, hantering en uitbetaling, ten opsigte van alle aanspreeklikhede en uitgawes wat verband hou met die skou. Hantering van alle klagtes en griewe, gedurende die skou, ten opsigte van Lede, Vertoners, Beoordelaars en enige belanghebbendes by die skou.

q) Toesien dat die uitslae van elke klas binne dertig (30) minute na afloop van die betrokke klas, sigbaar vir die publiek se insae, aangebring word.

**3. BEOORDELAARS**

a) Alle Beoordelaars moet deur die Friesperdtelersgenootskap amptelik goedgekeur wees. ‘n Lys van sodanige goedgekeurde Beoordelaars kan by die Sekretaresse van die Friesperdtelersgenootskap bekom word.

b) Slegs een (1) Internasionale Friesperd Beoordelaar word per skou toegelaat.

c) Daar word ‘n maksimum van twee (2) junior Beoordelaars per skou toegelaat indien hulle reeds die Friesperdtelersgenootskap se teoretiese beoordelaarseksamen ten opsigte van die rasstandaarde, skoureëls en alle skouklas protokolle geslaag het, soos van tyd tot tyd aangebied deur die Friespertelersgenootskap, en/of die SA Beoordelaarsvereniging.

d) Beoordelaars mag nie vir meer as drie (3) agtereenvolgende skoue op dieselfde skou beoordeel nie.

e) Vir alle Streek Skoue moet daar ‘n minimum van twee (2) Beoordelaars aangestel word.

f) Vir alle Toekennings-Genomineerde Skoue moet daar ‘n minimum van drie (3) Beoordelaars aangestel word en moet daar op die “High Low” sisteem gewerk word.

g) Vir alle Nasionale Skoue moet daar ‘n minimum van drie (3) Beoordelaars aangestel word en moet daar op die “High Low” sisteem gewerk word.

h) Beoordeling op die “High Low” sisteem is streng vertroulik. Beoordelaars mag glad nie met mekaar beraadslaag of in gesprek tree nie, alvorens hulle plasingskaarte nie almal ingehandig is nie.

i) Die Beoordelaars se spreekbuis gedurende die klas is die Baanbeampte en direkte kontak, gesprek of redenasie met die Vertoners of Helpers word nie toegelaat nie.

j) Beoordelaars moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle, rasstandaarde soos bepaal in die Grondwet van die Friesperdtelersgenootskap.

k) Beoordelaars moet ten alle tye eerlik, regverdig, onpartydig en konsekwent wees.

l) Beoordelaars mag slegs beoordeel wat hy of sy gedurende die klas sien. Geen vorige prestasies mag in ag geneem word nie.

m) Beoordelaars mag nie perde beoordeel waarby hy/sy persoonlik betrokke is nie, hetsy eienaarskap, afrigting, stallering, ens. Indien so ‘n situasie wel gedurende die skou sou ontstaan moet die betrokke Beoordelaar onmiddellik die Baanbeampte inlig wat dit sal deurgee aan die Bestuur van die Skoukomitee vir aksie.

n) Beoordelaars moet ten alle tye met ander Beoordelaars saamwerk, maar moet nog steeds onafhanklik opereer.

o) Beoordelaars moet ten alle tye volledig en netjies geklee wees met 'n langbroek, hemp met ‘n das en ‘n baadjie.
p) Beoordelaarsetiket moet eerbiedig word en te alle tye nagestreef word.
q) Beoordelaars sal van ’n puntestelsel gebruik maak vir die in-hand-klasse. Beoordelaars sal nog steeds nie met mekaar kan praat nie. Die punte word dan saamgetel vir die plasings.
r) Junior Beoordelaars se plasingskaarte moet aan die einde van die skou vergelyk word met die van die Amptelike Beoordelaars en ‘n volledige verslag moet aan die Raad voorgelê word deur die Senior Beoordelaar, binne ‘n tydperk van dertig (30) dae na afloop van die skou.
s) Junior Beoordelaars moet ten minste een (1) Amptelike Skou as Junior Beoordelaar beoordeel alvorens hy/sy in aanmerking kan kom om deur die Raad as Amptelike Beoordelaar aangestel te word met die uitreiking van ‘n Amptelike sertifikaat deur die Friesperdtelersgenootskap. Senior Beoordelaars van ander Rasse wat 75% en meer behaal het ten opsigte van die Friesperdtelersgenootskap se teoretiese beoordelaarseksamen ten opsigte van die rasstandaarde,skoureëls en alle skouklas protokolle, moet eers twee (2) streeks skoue beoordeel voor hulle in aanmerking kom om ‘n nasionale skou te beoordeel.

**4. BAANBEAMPTES**

a) Baanbeamptes moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle soos bepaal deur die Friesperdtelersgenootskap.
b) Sal optree as spreekbuis van die Beoordelaars na die Vertoners, Helpers en die Aankondiger.
c) Sal opdragte vanaf die Beoordelaars uitvoer wat binne die skoureëls val.
d) Moet Beoordelaars se aandag vestig op enige ongeruimdhede wat onder sy/haar aandag sou kom.
e) Sal optree teen vertoners, helpers en belanghebbendes wat die skoureëls verbreek.
f) Toesien dat slegs die toegelate persone gedurende die skouklas in die baan is, nl:
  - Beoordelaars
  - Vertoners
  - Helpers (Slegs in klasse waar dit volgens die klas protokol toelaatbaar is)
  - Fotograwe en ander (Soos deur die Bestuur van die Skoukomitee deurgegee)

g) Mag onder geen omstandighede beslissings en/of besprekings van Beoordelaars oordra aan die vertoners of die publiek nie.

**5. VERSAMELPLEK BEAMPTE**

a) Versamelplek Beamptes moet ten alle tye op hoogte wees van die nuutste bygewerkte skoureëls en skouklas protokolle soos bepaal deur die Friesperdtelersgenootskap. Alles in sy/haar vermoë doen om toe te sien dat Vertoners betyds by die versamelplek is.
b) Toesien dat alle skoureëls en vereistes van skouklas protokolle nagekom is alvorens Vertoners in die skoubaan toegelaat word. Die Beoordelaars en Baanbeamptes aanvaar derhalwe dat alle perde en Vertoners wat die skoubaan binnegaan aan alle vereistes, soos neergelê, voldoen.
c) Die Versamelplek Beampte behou die reg voor om die perde en Vertoners die skoubaan te belet indien daar nie voldoende aan alle vereistes en skoureëls nagekom is nie.
d) Toesien dat slegs die ingeskrewe perd/e en Vertoner/s die baan betree.
e) Die diplomatiese hantering en bestuur van die skoubaan hek. Indien die hek reeds gesluit is kan geen verdere perde of Vertoners of Helpers daarna toegelaat word nie.

**6. AANKONDIGER**

a) Sal toesien om aankondigings, soos deur die Skoukomitee gevra, te maak.
b) Sal toesien om aankondigings, soos deur die Baanbeampte gevra word, gedurende die verloop van sekere klasse te maak.

c) Sal toesien om die Klas plasings aan te kondig soos aan hom/haar voorsien.
d) In die algemeen ‘n bydrae te maak tot die gees en geordenheid van die skou.

**7. VEREISTES VIR ‘N AMPTELIKE SKOU**

‘n Skou sal onder die volgende omstandighede klassifiseer as ‘n Amptelike Skou:

a) Drie (3) Beoordelaars moet deur die Raad goedgekeur en aangewys word om die spesifieke skou te beoordeel.
b) Die Baanmeester/Hoof Baanbeampte moet deur die Raad goedgekeur word vir die spesifieke skou.
c) Al 31 (een-en-dertig) kampioenskap klasse op die klaslys moet aangebied word op die skouprogram om te kan klassifiseer as ‘n Amptelike Skou.
d) Geen skou is verplig om al die klasse op die klaslys op die skouprogram in te sluit nie, maar wel al 31 (een-en-dertig) kampioenskap klasse vir ’n Amptelike Skou.

# HOOFSTUK 2

## ETIESE KODES

**1. SKOU-ETIEK**

a) Die deelname aan en mededinging van Lede en Deelnemers by skoue ten einde hulle teling met mekaar te vergelyk is ‘n gesonde wyse van kompetisie en dit behoort ook as vertoonvenster vir die Friesperd Ras as geheel te dien.
‘n Gesindheid van welwillendheid en positiewe samewerking is tot voordeel van beide die Teler en die Friesperdtelersgenootskap en indien almal van die uitgangspunt uitgaan dat die belange van die Friesperd Ras groter is as dié van die individu kan ons in hierdie opsig in ‘n aangename gees met mekaar verkeer en die Friesperd Ras sodoende bevorder.

b) Alle Eienaars, Vertoners, Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes, Aankondigers, Toeskouers en Publiek is onderhewig aan die South African Equestrian Federation (SAEF) Deelnemers Etiese Kode.

c) Vertoners moet ten alle tye skoudissipline en skou-etiek eerbiedig en toepas.

d) Wees trots op jouself en jou perd en respekteer altyd jou mede Vertoners.

e) Geen Vertoner mag ander Vertoners of hul perde benadeel of probeer benadeel deur enige optrede van enige aard nie.

f) Handhaaf altyd beheer oor jou perd en ‘n redelike afstand tussen jou perd en ander perde.

g) Geen Vertoner mag ‘n Beoordelaar probeer beïnvloed of omkoop of aanmerkings maak gedurende die beoordeling nie.

h) Geen Vertoner mag onder die invloed van alkohol aan klasse deelneem nie.

i) Geen Vertoner mag gedurende die verloop van ’n klas, as hulle in die skoubaan is, voor ‘n ander mede Vertoner insny, of enige aksie of handeling in die verbygaan proses maak, wat die mede Vertoner nadelig kan beïnvloed nie.

j) Vertoners mag nie inmeng of praat of probeer redeneer met Beoordelaars terwyl perde nog in die baan is nie.

k) Enige aanval van ‘n Vertoner op die Beoordelaars of Baanbeamptes, in die publiek, sal lei tot skorsing vir die res van die skou en selfs daaropvolgende skoue.

l) Geen Vetoner mag hardop aanmerkings maak terwyl plasings uitgeroep word nie. Dit kan lei tot skorsing van die skou en verbeuring van alle pryse.

m) Vertoners wat hulself aan enige bogenoemde skuldig maak sal gepenaliseer word en kan selfs gediskwalifiseer word van die skou.

## HOOFSTUK 3

## ALGEMENE REËLS – ALLE KLASSE

Doel met die opstel van die protokol: om ‘n sisteem daar te stel wat reëls neerlê en riglyne daar stel ten opsigte van onderskeie skouklasse en die hantering daarvan.

**ALGEMENE REËLS – ALLE KLASSE**

a) Alle Eienaars, Vertoners, Beoordelaars, Baanbeamptes, Versamelplek Beamptes, Aankondigers, Toeskouers en Publiek is onderhewig aan die Algemene Reëls en Regulasies van SAEF (South African Equestrian Federation).

b) Ingevolge SAEF bepalings neergelê met betrekking tot FEI “Equine Anti-Doping andControlled Medication Regulasies” mag geen opkikkers en/of bedwelmde middels voor of gedurende ‘n skou gebruik of toegedien word nie. Daar kan tydens enige skou volgens die neergelegte reëls daarvoor getoets word.

c) Perde wat enige medikasie ontvang het mag nie binne die ontrekkingsperiode geskou word nie. Daar kan tydens enige skou volgens die neergelegte reëls met betrekking tot FEI “EquineAnti-Doping and Controlled Medication Regulasies” daarvoor getoets word.

d) Geen siek perde, of perde wat mank of kruppel is, of met enige oop wonde op enige plek van hulle lyf mag geskou word nie.

e) Geen verbande om die bene of enige tooisels mag gebruik word nie, tensy vir mediese redes met bewyse.

f) Alle perde moet geregistreer wees deur SA Stamboek by die Friesperdtelersgenootskap vanSA.

g) Slegs perde opgeneem in die register as Stamboek (SP) of Hulpstamboek diere mag deelneemaan enige Streeks Skou of Nasionale Skou.

h) Geen Basisboek perde mag by enige Streeks Skou of Nasionale Skou deelneem nie.

i) Hulpstamboek A perde wat na 15 Mei 2015 opgeneem word mag nie by ‘n Streeks Skou of Nasional Skou deelneem nie.

j) Ouderdom van perd word geneem soos die ouderdom op die eerste dag van die skou.

k) Ouderdom van Ruiter word geneem soos op 1 Januarie van elke kalender jaar. ‘n Ruiter mag deelneem aan ‘n ouderdomsgroep ouer as sy huidige ouderdom vir die durasie van ‘n skou. Sou ‘n Ruiter deelgeneem het aan ‘n klas vir ‘n oudersdomsgroep ouer as sy huidige ouderdom, mag hy nie gedurende dieselfde skou aan ‘n ander klas wat geskik is vir sy huidige ouderdom ook deelneem nie.

l) Perde onder die ouderdom van drie (3) jaar mag deelneem aan Streeks en Nasionale Skoue as hulle in die Vulboek opgeneem is deur SA Stamboek by die Friesperdtelersgenootskap van SA.

m) Perde kan reeds vanaf die ouderdom drie (3) jaar en ouer aangebied word vir keuring ten opsigte van opname in die register as Stamboek (SP) of Hulpstamboek diere.

n) Perde bo die ouderdom van vier (4) jaar wat nog nie gekeur is, en opgeneem is in die register as Stamboek (SP) of Hulpstamboek diere nie, MAG NIE deelneem aan Streeks en Nasionale Skoue nie.

o) Alle perde moet ‘n mikroskyfie in die nek hê, of ‘n brand, of ‘n tatoeëer nommer wat van tyd tot tyd deur die Versamelplek Beampte/s of die Baanbeampte of ’n persoon, soos deur die Skoukomitee afgevaardig, nagegaan kan word. Sou die mikroskyfie nie opgespoor kan word nie, sal die aangewysde Veearts van die Skou ‘n DNA monster neem wat weggestuur sal word na UNISTEL vir ontleding. Indien dit nie die perd is wat ingeskryf is nie, sal die eienaar van die perd ‘n boete van R10 000 opgelê word wat onmiddellik betaalbaar is met lewering van DNA uitslag.

p) Alle perde moet in besit wees van ‘n geldige en volledig voltooide paspoort met alle inentings op datum en aangeteken.

q) Perde mag NêRENS met rekke en/ of kettings opwarm nie. 'n Vertoner sal met R500 beboet word indien hulle daaraan skuldig bevind word en die moontlikheid van skorsing tot verdere deelname aan die skou.

r) Dit word sterk aanbeveel dat maanhare en hare tussen die hoewe en kootgewrig (vere) nie geskeer word nie, maar dit bly die persoonlike keuse van die Vertoner.

s) Die hare op die bene onder die knieë en bo die kootgewrig mag wel geskeer word.

t) Vir lang maanhare mag die hare agter die ore, waar die toom kom, wel geskeer word tot maksimum van 10 cm. Die afskeer van maanhare sal teen gediskrimineer word. Behalwe vir mediese redes (met veearts verslag)

u) Maanhare mag los of gevleg ("ge-plait") wees.

v) Ore aan die binnekant mag geskeer wees, volgens persoonlike keuse van Vertoner.

w) Hare onder die kakebeen mag geskeer wees.

x) Perde moet skoon en uiters goed versorgd wees.

y) Hoewe moet goed versorg wees en mag swart gekleur word.

z) Vertoners, Hanteerders of Helpers mag geen perd met disrespek hanteer of mishandel gedurende 'n klas in die skoubaan, of op enige tydstip buite die skoubaan. Ingevolge die Algemene Regulasies van die FEI Genootskap geld die volgende reël, wat aangehaal word:

**"Article 142, FEI General Regulations"**

"No person may abuse a horse during an event or at any other time. 'Abuse' means an action or omission that causes or is likely to cause pain or unnecessary discomfort to a horse, including without limitation any of the following:

- whipping or beating a horse excessively
- subjecting a horse to any kind of electric shock device
- using spurs excessively or persistently
- jabbing the horse in the mouth with the bit or any other device
- competing on an exhausted, lame or injured horse
- 'rapping' a horse
- abnormally sensitise or desensitise any part of a horse
- leaving a horse without adequate food, drink or exercise
- using any device or equipment which causes excessive pain to the horse."

aa) Enige teenwoordigheid van bloed op 'n perd gedurende 'n klas sal dadelik aandag ontvang. Die Vertoner sal gevra word om die perd na die binnekant van die skoubaan te neem en aan te tree. Die res van die klas sal gevra word om te ontspan, waarna die Vertoner slegs een (1) minuut gegun sal word om die bloeding te stop met die hulp van een (1) Helper van buite die skoubaan. Slegs die gebruik van 'n handdoek sal toegelaat word om die bloeding te stop sowel as om dit af te vee. As bloeding gestop het, sal die Vertoner by die res van die klas aansluit en die klas se verrigtinge sal hervat.

bb) 'n Vertoner sal net een (1) maal die geleentheid gegee word om die bloeding te stop soos in (aa) hierbo uiteengesit.

cc) Indien bloeding op dieselfde perd as in (aa) hierbo weer in dieselfde klas sigbaar word, sal die perd onmiddellik gevra word om die skoubaan te verlaat.

dd) Indien bloeding op 'n perd nie gestop kan word nie en dit sigbaar bly, sal so 'n perd gevra word om die skoubaan te verlaat.

ee) Perde wat buite beheer is en 'n veiligheidsrisiko inhou vir die Vertoner, enige ander perd of ander Vertoner sal deur die Baanbeampte beveel word om die baan te verlaat.

ff) Alle klasse moet aanvaar word as Tradisioneel behalwe waar Universeel gemeld word**.**

gg) Indien 'n perd 'n yster verloor gedurende die klas sal die Baanbampte dit ondersoek en 'n besluit neem na oorleg met die Senior Beoordelaar.

hh) Indien ‘n perd ‘n yster verloor gedurende die klas het die Vertoner sewe (7) minute om te herstel en dieselfde yster terug te sit.

ii) Geen perd mag in ‘n skou aan Tradisionele Dissiplines, Universele Dissiplines of Plesierperd deelneem nie. ‘n Perd mag wel by ‘n volgende skou van Tradisionele, of Universele of Plesierperd Dissiplines verander, **MAAR** slegs ook net in die Tradisionele Dissiplines of die Universele Dissiplines of Plesierperd deelneem.

jj) Die **Slegte Geluk** of **“Bad Luck”** reël is van toepassing op alle klasse en word ingebring omverder te help om te alle tye die beste perde in die Kampioenskap klasse te hê en werk soos volg:

- Indien daar ‘n “Bad Luck” situasie soos, afgooi van yster, breek van toerusting, breek van karretjie, ‘n ongeluk of enige gebeurlikheid wat nie nalatig of met opset plaasvind en nie onmiddellik reggestel kan word nie mag die vertoner by die Baanbeampte vra om ‘n “Bad Luck” plasing in die kampioenskap klas of die ruiterklas, vra vir sewe (7) minute toelaatbare hersteltyd.
- Die Baanbeampte vat die betrokke Vertoner se nommer en die Vertoner verlaat die Skoubaan.
- Hierdie plasing word dan amptelik deur die Aankondiger aangekondig.

kk) Perde wat nie geskeer is soos volgens FEI reëls, sal nie teen hulle gediskrimineer word nie.

## HOOFSTUK 4

## HANDKLASSE

**1. ALGEMENE REËLS - HANDKLASSE**

a) Perde mag slegs binne hulle onderskeie ouderdomsgroepe deelneem aan ‘n handklas.

b) Perde se ouderdom word bepaal soos op die eerste dag van die skou.

c) In afstamelingsklasse, moet beide afstammelinge Junior (onder 6 jaar) perde wees. Die ouers word nie saam met die perde vertoon nie, maar die ouer se naam moet op die inskrywingsvorm aangebring word.

d) Hoeflengte met die yster saam gemeet, asook die “pad” (sou daar een wees), mag slegs ‘n maksimum van 155mm wees. Die lengte word gemeet aan die voorkant van die hoef, vanaf die onderste punt van die hoefyster tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.

e) Daar is geen lengte beperking van die “pad” nie, maar in aggeneem d) hierbo, ‘n totale lengte beperking in geheel.

f) Standaard tipe hoefyster van maksimum 10mm dik en nie wyer as 25mm, word toegelaat.

g) Hoefyster mag wel ‘n dwarsbalkie aan die onderkant hê, van maksimum 12mm breed en 10mm dik.

h) In die Handklasse sal daar geen onderskeid ten opsigte van die wyse waarop ‘n perd beslaan is gemaak word nie. Die wyse waarop ‘n perd beslaan word sal bepaal word deur, in watter skoudissipline (ryklasse en tuigklasse) die perd gaan deelneem.

i) Universele Perde en Plesierperde se hoefbeslaning voldoen aan die vereistes om aan die Handklasse te mag deelneem.

j) Geen draad (Arabier) halters en halters/toom met “embelishments” is toelaatbaar nie.

**2. TOERUSTING - HANDKLASSE**

2.1 <u>ALLE PERDE JONGER AS 2 JAAR</u>

a) Wit, swart of bruin halter, met ‘n wit, swart of bruin leiband, (verkieslik swart of wit).

b) Wit, swart of bruin vertoon toom, sonder enige mondstuk met ‘n fyn ketting oor die neus, of onder die kaak, met ‘n wit, swart of bruin leiband, (verkieslik swart of wit).

c)

2.2 <u>ALLE PERDE OUER AS 3 JAAR</u>

a) Wit, swart of bruin toom met ‘n stang en kenketting, of trens met of sonder ‘n neusband.

b) Vir die toom in a) mag ‘n enkel wit, swart of bruin leiband met ketting, of wit, swart of bruinteuels gebruik word, (verkieslik swart of wit).

2.3 <u>PERDE TUSSEN 2 TOT 3 JAAR</u>

a) Die Vertoner het die opsie vir perde tussen 2 tot 3 jaar, om hulle in hand te vertoon met ‘n wit, swart of bruin halter, met ‘n wit, swart of bruin leiband, (verkieslik swart of wit).

2.4 <u>ALLE PERDE VAN ENIGE OUDERDOM</u>

a) Peits van maksimum 1.2m, met WIT lint van maksimum 150mm aan die voorkant is toelaatbaarvir die Hanteerder.

b) Peits van maksimum 2m, met WIT lint van maksimum 150mm aan die voorkant is toelaatbaar vir die Aanjaer.

c) Geen ander toerusting en of enige ander hulpmiddel word toegelaat nie.

**3. KLEREDRAG - HANDKLASSE**

a) Vertoner en Aanjaer se drag moet die volgende wees:
- Netjiese Kakie langbroek
- Wit kort of langmou hemp met kraag en'n soliede swart das of Genootskapsdas is verpligtend
- Slegs Friesperdtelersgenootskap wapen word op hemp toegelaat
- Netjiese skoene of tekkies met bypassende kleur sokkies

b) Vertoner en Aanjaer mag opsioneel die volgende by hulle drag aantrek:
- Soliede swart das, of Friesperdtelersgenootskapsdas
- Swart Baadjie, onderbaadjie of trui, of grys Friesperdtelersgenootskap trui
- Slegs Friesperdtelersgenootskap wapen word op die baadjie of trui toegelaat
- Netjiese hoed of Friesperdtelersgenootskap "pet" / "keps"
- Swart "dry-mack" baadjie met kappie

c) In reën weer word waterskoene en 'n reënjas toegelaat.

d) Perd se deelnemersnommer word op die regterkant van die toom vasgesteek.

**4. VERSAMELPLEK PROSEDURE - HANDKLASSE**

a) Alle Vertoners, Hanteerders en perde moet ten minste drie (3) minute voor die begin van die klas bydie aangewysde versamelplek aanmeld.

b) Versamelplek Beampte kontroleer die deelnemernommer en perde ingeskryf vir die betrokke klas.

c) Versamelplek Beampte gaan na of die reëls, soos gestipuleer in nommers 1, 2 en 3 hierbo, vir die betrokke klas genoem, nagekom is.

d) Versamelplek Beampte gee die instruksie vir die oopmaak van die skoubaanhek en Vertoners gaan die skoubaan binne.

e) Versamelplek Beampte gee die bevel vir die toemaak van die hek vir die betrokke klas om te begin.

f) As die hek eers toe is kan geen verdere Vertoners, wat laat is, toegelaat word nie.

**5. SKOUBAAN PROSEDURE - HANDKLASSE**

a) Vertoners en perde is onder beoordeling sodra hulle die skoubaan binne kom.

b) Die rigting waarin die skoubaan betree word is kloksgewys op 'n draf, terwyl die perde optimaal vertoon word in die draf.

c) Perde word dan in die middel van die skoubaan opgestel, met die perd wat eerste ingekom het die naaste aan die ingangshek en die perd wat laaste ingekom het die verste vanaf die ingangshek. Perde word opgestel langs mekaar met voldoende spasies tussen perde.

d) Beoordelaars stap dan deur al die perde en doen hul beoordeling.

e) Baanbeampte sal dan die instruksie aan die eerste Vertoner gee om sy perd alleen te laat aantree met sy kop in die rigting van die hek. Die vertoner word 'n kort tyd gegee om sy perd op te stel vir individuele beoordeling in die staan posisie.

f) Baanbeampte sal die instruksie aan die Vertoner gee om sy perd vorentoe te laat stap in die rigting van die hek. Daar sal 'n driehoek, kloksgewys gestap word en dan 'n draf vanaf die driehoek tot by die draai en teen die langkant van die arena af.

g) Slegs die stap en draf word beoordeel.

h) Die proses herhaal homself totdat alle perde individueel beoordeel is.

i) Nadat alle perde individueel beoordeel is, sal al die perde weer langs mekaar opgestel word vir 'n laaste deurstap en beoordeling deur die Beoordelaars.

j) Beoordelaars mag die Baanbeampte aansê om sekere perde te vra om weer vertoon te word,

vir‘n finale plasing.

k) Beoordelaars mag die Baanbeampte aansê om ‘n “front line” te laat opstel sou hulle dit verlang.

l) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die instruksie gee dat die Vertoners en perde kan ontspan. Perde kan ontspan en rond beweeg.

m) Met die aankondiging van die plasing van die perde, draf die geplaasde perd na die Beoordelaars en ontvang roset/prys.

n) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-geplaasde perde verlaat die skoubaan.

o) Die geplaasde perde doen die ere rondte met die eerste perd voor en die res wat volg, volgens plasings, op ‘n draf, in ‘n klokswyse rigting, waarna die skoubaan verlaat word.

p) By die merrie met suipvul klas betree die perde die baan op ‘n stap en stel dan op soos reeds genoem.

q) By die Hings of Merrie met twee (2) afstammeling klas betree die afstammelinge, agter mekaar, die baan op ‘n draf en stel dan op soos reeds voorheen genoem.

**6. BEOORDELING RASSTANDAARDE - HANDKLASSE**

a) Die beoordeling van handklasse word gedoen deur die meting en vergelyking van die perd onder beoordeling teenoor die neergelegde rasstandaarde (sien protokol FPTG 1 asook die linieêre punte toekeningskaart).

b) Rastipe, bouvorm, bene, hoewe en algemene kenmerke maak 50% van die beoordelingstotaal uit.

c) Beweging maak ‘n verdere 40% van die beoordelingstotaal uit.

d) Voorbereiding en versorging met ‘n algehele geheel beeld, maak ‘n verdere 10% van die beoordelingstotaal.

e) Vir rastipe word daar klem gelê op:
(sien Aanhangsel tot protokol FPTG 2 en 3 wat rastipes is)

- Algemene Voorkoms - Rastipe
- Uitstraling - Baie uitstraling
- Kop en Voorkop - Rastipe
- Ore, Oë, Neus, Kaak - Rastipe
- Nek en Kam wat begin val is nie gewens vir die Friesperd Ras nie. - Rastipe NB. ‘n Perd se kam wat val moet in oorweging van ouderdom beoordeel word
- Kop/Nek aansluiting - Fyn en oop met ruimte
- Kleur - Rastipe
- Behang – Maanhare - Rastipe
  Stert - Rastipe
  Vere - Rastipe
- Bouvorm word daar klem gelê op:
  Skof - Rastipe
  Bors - Rastipe
  Skouers - Rastipe
  Aansluitng van genoemde - Vloeiend
  Rug, ribbes, lendene, kruis - Rastipe
  Sitbene, Broekspier, Duie - Rastipe
  Stert inplanting - Rastipe

- Bene word daar klem gelê op:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Voorbene – | Syaansig | | - Nie onder of oorstandig |
| | Van voor | | - Nie na binne of na buite |
| | Bo-arm | | - Rastipe |
| | Knieg | | - Rastipe |
| | Pypbeen | | - Rastipe |
| Agterbene – | van agter | | - Nie na binne of na buite |
| | van kant | | - Nie na agter of na voor |
| Hak | | | - Rastipe |
| Hoewe | | | - Rastipe |
| Kwaliteit van bene | | | - Hard en droog |

## 7. BEOORDELING BEWEGING – HANDKLASSE

**Stap**

- Die stap word beoordeel as ‘n saamgevatte tot werkende platvoet stap.
- Die kop aksie is, aangesien dit ‘n saamgevatte stap is, nog steeds relatief hoog.
- Die stap het 4 ritmiese voetvalle.
- Die stap moet ruim wees vanuit die skouer met voldoende voordrywing, dus die stap moet energie uitstraal en nie kortaf wees nie.
- Die stap moet genoegsame grond bedek, met die agterbeen se hoef wat op of oor die spoor van die voorhoef strek.
- Die bene moet nie gesleep word nie, maar duidelik opgetel en neergesit word.
- Die beweging moet reëlmatig wees met links en regs presies ewe groot passe.
- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
- Die agterbene, waar die dryfkrag lê, moet van agter sterk vorentoe geplaas word. Dieagterbene moet nie te vêr agter gaan haal word nie (“Trail”).
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”).
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”).

**Draf**

- Die draf het twee ritmiese voetvalle.
- Die draf moet reëlmatig, gebalanseerd, vloeiend en aktief wees.
- Die voorbene/knieë word natuurlik hoog gedra in die draf met ruim tree vanuit die skouer met voldoende voortbeweging.
- Die voorbene moet nie net op en af onder die perd beweeg nie, dit moet op en vorentoe beweeg uit die skouer.
- Die agterbene moet aktief van agter reguit opkom na die lyf en dan vorentoe gestoot word.Die agterbene moet nie te vêr agter gaan haal word nie “(Trail”).
- Die draf moet ligvoetig en drywend wees met voldoende voortdrywing in die rol beweging.
- Die kop aksie is trots na bo.
- Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
- Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”).
- Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”).

Vir jong perde word dieselfde sisteem gebruik, maar met baie minder klem op van die besonderhede wat verband hou met die ontwikkeling van jong perde, wat dus nog nie optimaal ontwikkel het nie, en in die groeifase is.  Beoordelaars beoordeel egter wat hy voor hom sien.

## 8. KLASLYS TYDENS SKOUE

| | |
|---|---|
| **FRIESPERD SKOUKLASSE EN KLASBESKRYWINGS** | |
| **HANDKLASSE** | |
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| **F1** | **Kampioen vul o/12 maande** |
| F2 | Hings bo 1 jaar onder 2 jaar |
| F3 | Hings bo 2 jaar onder 3 jaar |
| F4 | Hings bo 3 jaar onder 4 jaar |
| F5 | Hings bo 4 jaar onder 6 jaar |
| **X1** | **Junior Kampioen Hings (F2 tot F5)** |
| F6 | Merrie bo 1 jaar onder 2 jaar |
| F7 | Merrie bo 2 jaar onder 3 jaar |
| F8 | Merrie bo 3 jaar onder 4 jaar |
| F9 | Merrie bo 4 jaar onder 6 jaar |
| **X2** | **Junior Kampioen Merrie (F6-F9)** |
| F10 | Reun aan die hand |
| **F11** | **Senior Kampioen Hings 6 jaar en ouer** |
| **F12** | **Senior Kampioen Merrie 6 jaar en ouer** |
| BESKRYWING | Klasse F1-F12 Handklasse: Beoordeling van hierdie Handklasse het die hoofdoel om die perd te identifiseer wat die mees korrekste Ras Standaarde toon en uitstraal, die beste konformasie eienskappe toon en voldoende korrekte beweging in die stap en draf handhaaf, ten einde die Rasegtheid te kan bepaal. |
| F13 | Twee afstamelinge van 'n hings onder 6 jaar (die hings word nie vertoon nie) |
| F14 | Twee afstamelinge van 'n merrie onder 6 jaar (die merrie word nie vertoon) |
| BESKRYWING | Klasse F13-F14 Afstamelingsklasse: In hierdie klasse word gekyk na die nageslag van 'n dier. Tydens beoordeling word gekyk dat die twee diere in tipebymekaar pas, korrekte konformasie eienskappe toon ten einde die Rasegtheid te kan bepaal. |
| F15 | Merrie met suipvul |
| BESKRYWING | Klas F15 is 'n Handklas vir 'n merrie en haar ongespeende vul. Tydens beoordeling word gekyk dat die twee diere in tipe bymekaar pas, korrekte konformasie eienskappe toon ten einde die Rasegtheid te kan bepaal. |

| **HANDKLASSE - vervolg: Predikate** | |
|---|---|
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| F81 | Ster Merrie bo 3 jaar onder 6 jaar |
| F82 | Ster Hings bo 3 jaar onder 6 jaar |
| F83 | Ster Reun bo 3 jaar onder 6 jaar |
| F84 | Ster Merrie 6 jaar en ouer |
| F85 | Ster Hings 6 jaar en ouer |
| F86 | Ster Reun 6 jaar en ouer |
| F87 | Kroon Merrie |
| F88 | Model Merrie |
| F89 | Hings met Dekvergunning |
| F90 | Stamboek Hings |
| BESKRYWING | Klasse F81-F90 Handklasse: Beoordeling van hierdie Handklasse het die hoofdoel om die perd te identifiseer wat die mees korrekste Ras Standaarde toon en uitstraal, die beste konformasie eienskappe toon en voldoende korrekte beweging in die stap en draf handhaaf, ten einde die Rasegtheid te kan bepaal. |

## HOOFSTUK 5

## RYKLASSE

Ryklasse word in vyf (5) groepe verdeel:

Oop Ryklasse (oop vir Universele-, Tradisionele- en Plesierperd)
Tradisionele Ryklasse
Universele Ryklasse
Ruiterkuns Ryklasse
Plesierperd Ryklasse

**1. ALGEMENE REËLS – ALLE RYKLASSE**

a) Misbruik van natuurlike rymiddels of hulpmiddels, soos byvoorbeeld ‘n peits, spore, bene en teuels, by die hantering en ry van ‘n perd sal glad nie geduld word nie.

b) Aangesien alle perde se onderskeie gange van beweging nie teen dieselfde tempo is nie, moet die volgende reëls nagekom word, nl:

- Sou daar in ‘n kloksgewys rigting in die baan beweeg word, moet die Ruiter die perd voor hom altyd aan die kant van die regterskouer van die Ruiter voor hom, verby gaan, dus na die binnekant van die baan.
- Sou daar in ‘n anti-kloksgewys rigting in die baan beweeg word, moet die Ruiter die perd voor hom altyd aan die kant van die linkerskouer van die Ruiter voor hom, verby gaan, dus na die binnekant van die baan.
- Handhaaf altyd ‘n goeie en veilige afstand tussen die perde in die verbygaan proses.
- Ouderdom van Ruiter word geneem soos op 1 Januarie van elke kalender jaar. ‘n Ruiter magdeelneem aan ‘n ouderdomsgroep ouer as sy huidige ouderdom vir die durasie van ‘n skou. Sou ‘n Ruiter deelgeneem het aan ‘n klas vir ‘n oudersdomsgroep ouer as sy huidige ouderdom, mag hy nie gedurende dieselfde skou aan ‘n ander klas wat geskik is vir sy huidige ouderdom ook deelneem nie.
- Die ouerdom van ’n kind word bepaal soos op 1 Januarie. Die Kind mag wel in ’n hoë ouderdom divisie skou, maar word dan nie toegelaat om op dieselfde skou in ’n lae ouderdom klas te skou. Die reël geld vir die durasie van die skou. Onder 18 jaar word beskou as ’n kind en mag dus nie in ’n Dames of Mans klas skou nie.

**2. PERDE TOELAATBAAR VIR KINDER RYKLASSE**

2.1 KINDER-RYPERD RYKLASSE – DRIEGANG en STAP-DRAF (TRADISIONEEL)

a) Ruiter onder 18 jaar, maar bo 14 jaar.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

b) Ruiter 14 jaar en jonger.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

2.2 KINDER-RUITER en STAP-DRAF MEDALJE RYKLASSE – RUITERKUNS (TRADISIONEEL)

a) Alle Ruiters onder 18 jaar.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

2.3 KINDER PLESIERPERD RYKLASSE – DRIEGANG (TRADISIONEEL)

a) Ruiter onder 18 jaar.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

2.4 KINDER LEIRIEM RYKLASSE (TRADISIONEEL)

a) Ruiter 8 jaar en jonger.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

2.5 UNIVERSEEL ALLE KINDER RYKLASSE

a) Alle Ruiters onder 18 jaar.
Mag slegs ‘n Merrie of Reun perd ry in die ryklasse.

## 3. KRUISINSKRYWINGSREËLS – RYKLASSE

<u>NIE TOELAATBAAR</u>

3.1 Kruisinskrywings is slegs van toepassing op enkel ryklas dissiplines: Driegang Tradisioneel, Driegang Plesierperd en Driegang Universeel.

3.2 Kruisinskrywings tussen ENIGE Tradisionele-, Universele- en Plesierperd klasse word nie toegelaat nie.

3.3 Kruisinskrywings is slegs van toepassing gedurende ‘n skou. Die perd/e mag met ‘n toekomstige skou weer aan ‘n ander enkel ryklas dissipline deelneem.
Byvoorbeeld: ‘n Perd is gedurende skou A, ‘n Tradisionele Driegang deelnemer, by die volgende skou B, mag dieselfde Perd as ‘n Universele Driegang deelnemer kompeteer.

3.4 ‘n Senior perd mag glad nie deelneem aan die Junior ryklas dissiplines nie, maar ’n Junior perd MAG deelneem aan die Senior ryklas dissiplines, onderhewig aan die reël in 3.5.

3.5 Kruisinskrywings is nie toelaatbaar tussen Junior en Senior perde in die Enkel ryklas dissiplines nie.
Byvoorbeeld: ‘n Junior Perd is gedurende skou A, ‘n Senior Universele Driegang deelnemer in die kwalifiserende klas sowel as kampioenskap klas, die Junior Perd MAG NIE deelneem aan die Junior Universele Driegang ryklas dissipline gedurende die skou nie.

3.6 Kruisinskrywingsreëls is van toepassing op die gewone klasse van die onderskeie Enkel ryklas dissiplines.

3.7 Kruisinskrywingsreëls is ook van toepassing op die Kampioenskap Klasse van dieonderskeie Enkel ryklas dissiplines.

3.8 Geen kruis inskrywings tussen enige stap/draf klas of met enige klas met 3 gange nie.

<u>TOELAATBAAR</u>

3.9 ‘n Perd wat deelneem aan die Tradisionele Driegang ryklas dissipline MAG ook deelneem aan die Tradisionele Driegang Kinderryperd – Ruiter o/18 jaar, ryklas dissipline.

3.10 ‘n Perd wat deelneem aan die Tradisionele Driegang ryklas dissipline MAG ook deelneem aan die Tradisionele Driegang Kinderruiter – Ruiter o/18 jaar, ryklas dissipline.

3.11 ‘n Perd wat deelneem aan die Driegang Plesierperd ryklas dissiplines MAG ook deelneemaan die Driegang Kinder Plesierperd – Ruiter o/18 jaar, ryklas dissipline.

3.12 ‘n Perd wat deelneem aan die Universele Driegang ryklas dissiplines MAG ook deelneem aan die Universele Driegang Kinderryperd – Ruiter o/18 jaar, ryklas dissiplines.

3.13 ‘n Perd wat deelneem aan die Universele Driegang ryklas dissiplines MAG ook deelneem aan die Universele Driegang Kinderruiter – Ruiter o/18 jaar, ryklas dissiplines.

3.14 Kruisinskrywings wat toelaatbaar is volgens die Reëls hierbo uiteengesit, is nog steeds onderhewig daaraan dat die perd moet kwalifiseer vir elke afsonderlike klas se Kampioenskap deur middel van die betrokke kwalifiserende klasse vir die betrokke klas.

3.15 Die Kampioen van Kampioene “saddle seat” en die Tradisionele Ruiterklas mag met ’n Tradisionele of Plesierperd gery word. Oop klasse is oop vir alle tipe afdelings.

## 4. BESLAAN EN HOEFLENGTES VIR ONDERSKEIE RYKLASSE

### 4.1 TRADISIONELE RYKLASSE

a) Hoeflengte met die yster saam gemeet, asook die “pad” (sou daar een wees), mag slegs ‘nmaksimum van 155mm wees. Die lengte word gemeet aan die voorkant van die hoef, vanaf die onderste punt van die hoefyster tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.
b) Daar is geen lengte beperking van die “pad” nie, maar in ag geneem a) hierbo, ‘n totale lengte beperking in geheel.
c) Standaard tipe (plates) of “Performance” hoefyster van maksimum 10mm dik en nie wyer as 25mm, word toegelaat.
d) Hoefyster mag wel ‘n dwarsbalkie aan die onderkant hê, van maksimum 12mm breed en10mm dik.

### 4.2 UNIVERSELE RYKLASSE

a) Slegs standaard (plates) hoefysters mag gebruik word met die volgende beperkings: nie dikker as 8mm en nie wyer as 25mm.
b) Hoeflengte met die yster saam gemeet, mag slegs ‘n maksimum van 155mm wees. Die lengte word gemeet aan die voorkant van die hoef, vanaf die onderste punt van die hoefyster tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.
c) Geen “pad”, wedges of enige ander sole mag onder die hoefyster gebruik word nie.
d) Geen dwarsbalkies is toelaatbaar nie.

### 4.3 PLESIERPERD RYKLASSE

a) Hoeflengte met die yster saam gemeet, asook die “pad” (sou daar een wees), mag slegs ‘nmaksimum van 120mm wees. Die lengte word gemeet aan die voorkant van die hoef, vanaf die onderste punt van die hoefyster tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.
b) Hoefyster mag nie onder toegesweis wees nie.
c) Hoefyster mag wel ‘n dwarsbalkie aan die onderkant hê, van maksimum 12mm breed en10mm dik.

## 5. TOERUSTING

### 5.1 TRADISIONELE EN PLESIERPERD RYKLASSE

❖ <u>TOOMS</u>

a) Dubbel toom met dubbel teëls, stang, skelmtrens, kenketting, lipbandjie en gewone neusband mag gebruik word. Geen addisionele modifikasies op reeds vervaardigde gebit sal toegelaat word nie.
Geen “Meul stange” of “Meul trense” sal toegelaat word nie.
b) Swart, wit of donker bruin leer tooms word toegelaat.
c) Stange mag nie dunner as 10mm wees nie.
d) Tradisioneel – Teulbalk lengte maksimum 120mm.
e) Plesierperd - Teulbalk lengte maksimum 100mm.
f) Diepte van die tonggroef is maksimum 30mm.

❖ <u>RYSAALS</u>

a) “Cutback” rysaal sonder saalkleedjie, skelm kleedjie (wat glad nie sigbaar onder die rysaal is nie) word toegelaat.
b) Slegs ‘n wit buikgord word toegelaat.

5.2 UNIVERSELE RYKLASSE EN SHOW TROTTER

❖ <u>TOOMS</u>

a) Enkel toom met “trens/snaffle” soos per FEI regulasies is toelaatbaar. Sien illustrasie “A”.

b) Slegs die volgende neusbande is toelaatbaar: “Dropped Noseband”, “Cavesson Noseband”,“Flash Noseband” asook “Crossed/Mexican Noseband”. Sien illustrasie “B”.

c) Geen stange, kenkettings, dubbel toom en dubbel teuels word toegelaat nie.

d) Showtrotter moet met ’n dryfbit en Blinkers geskou word.

❖ <u>RYSAALS</u>

a) Slegs ‘n swart of bruin Engelse Dresseer of “General Purpose” rysaal is toelaatbaar.

b) ‘n Wit of swart dresseer kleedjie is verpligtend.

c) Geen Stoetwapen, naam van ‘n Stoet of naam van ‘n Perd mag op die kleedjie verskyn nie.

d) Handelsmerke van kleedjie vervaardigers mag op kleedjies verskyn.

e) Show Trotter mag met beide Engelse Dresseer of General Purpose so wel as cutback saals gery word. Wit of Swart saalkleedjies is verpligtend.

**6. KLEREDRAG**

Oop klasse, behalwe die Western Plesierperd en Show Trotter, kan met Tradisionele- of Universele Drag gery word. Die Western klas sal gery word in Western drag en die Show Trotter in Universele drag.

6.1 TRADISIONELE RYKLASSE EN PLESIERPERD RYKLASSE

a) Kentucky pak is verpligtend.

b) Standaard spore maksimum 30mm lank soos per FEI reëls word toegelaat.

c) Peits van maksimum 1.2m lank is toelaatbaar.

d) Deelnemersnommer word op die agterkant van Ruiter se rug aangebring, en moet sigbaar wees met grootte 200 x 150mm.

e) Swart kort rystewels.

6.2 TRADISIONELE KINDER RYKLASSE EN RUITERKLASSE

a) Kinders onder die ouderdom van 8 jaar moet met ‘n drie (3) punt gespe harde hoed ry.

b) Kinders ouderdom 8 – 10 jaar is ‘n harde hoed opsioneel.

c) ‘n Peits soos per FEI spesifikasies is toelaatbaar, 100cm in totale lengte.

d) Ruiters 8 jaar tot 10 jaar, is ‘n Afhaler/”Martingale” verpligtend.

e) Ruiters bo 10 jaar onder 14 jaar, is ‘n Afhaler/”Martingale” opsioneel.

f) Punte 6.1 a) tot e) moet ook nagekom word.

6.3 UNIVERSELE RYKLASSE

a) Dresseer drag is verpligtend.

b) ‘n Swart of Blou Dresseer baadjie. Bruin , Grys en Charcoal kleur en enige ander kleur soos in FEI reëls is toelaatbaar.

c) Deelnemersnommer word op die agterkant van Ruiter se rug aangebring, en moet sigbaar wees met grootte 200 x 150mm.

d) ‘n Wit, beige of roomkleurige rybroek is verpligtend.

e) ‘n Wit of roomkleurige hemp met ‘n kraag is verpligtend.

f) Netjiese swart das of bypassende kravat is toelaatbaar.
g) ‘n Swart of Blou harde hoed of “Bowler” hoed, of ‘n “Top Hat” is toelaatbaar.
h) Gewone konserwatiewe handskoene is toelaatbaar.
i) Swart kort rystewels met of sonder swart kamaste is toelaatbaar.
j) Swart lang/vol rystewels is toelaatbaar.
k) Spore soos per FEI spesifikasies is toelaatbaar. Sien illustrasie “C”.
l) ‘n Peits soos per FEI spesifikasies is toelaatbaar, 120cm in totale lengte.

6.4 UNIVERSELE KINDER RYKLASSE EN RUITERKLASSE

a) Kinders onder die ouderdom van 18 jaar moet met ‘n drie (3) punt gespe harde hoed ry.
b) ‘n Peits soos per FEI spesifikasies is toelaatbaar, 100cm in totale lengte.
c) Ruiters 8 jaar tot 10 jaar, is ‘n Afhaler/”Martingale” verpligtend.
d) Ruiters bo 10 jaar en onder 14 jaar, is ‘n Afhaler/”Martingale” opsioneel.
e) Punte 6.2 a) tot l) moet ook nagekom word.
f) Leiriem klasse is Universele en Tradisionele drag toelaatbaar. ’n Harde hoed is verpligtend.

**7. VERSAMELPLEK PROSEDURE – RYKLASSE**

a) Alle Ruiters en perde, moet ten minste drie (3) minute voor die begin van die klas by die aangewysde versamelplek aanmeld.
b) Versamelplek Beampte kontroleer die deelnemernommer en perde ingeskryf vir die betrokke klas.
c) Versamelplek Beampte gaan na of die reëls, soos gestipuleer in nommer 1, 2 en 3 hierbo, vir die betrokke klas genoem, nagekom is.
d) Versamelplek Beampte gee die instruksie vir die oopmaak van die skoubaanhek en Ruiters gaan die skoubaan binne.
e) Versamelplek Beampte gee die bevel vir die toemaak van die hek vir die betrokke klas om te begin.
f) As die hek eers toe is kan geen verdere Ruiter, wat laat is, toegelaat word nie.

**8. SKOUBAAN PROSEDURE – RYKLASSE**

8.1 TRADISIONELE RYKLASSE

a) Perde betree die skoubaan anti-kloksgewys op ‘n draf, waartydens die perde optimaal deur die Ruiter vertoon word in die draf.
b) Die draf is deurgaans, in die klas, ‘n saamgevatte tot werkende draf en nie ‘n verlengde draf nie.
c) Aankondiger gee die opdrag “gaan oor in ’n stap”. Ruiter kry perd in die stap en vertoon perd in die stap. Hierdie is ‘n saamgevatte tot werkende platvoet stap.
d) Aankondiger gee die opdrag, “gaan oor in ’n gallop”. Ruiter kry die perd in ‘n gallop, op die regte leibeen (binne been), en vertoon die perd in die gallop. Hierdie is ‘n saamgevatte tot werkende gallop.
e) Aankondiger gee die opdrag, “gaan oor in ’n stap, verander van rigting en gaan voort op ’n draf”. Ruiter kry die perd in ‘n stap, draai om en gaan dan dadelik oor in ‘n draf en vertoon die perd in die draf.
f) Aankondiger gee die opdrag, “gaan oor in ‘n stap”. Ruiter kry perd in ‘n stap en vertoon die perd in die stap. Hierdie is ‘n saamgevatte tot werkende platvoet stap.
g) Aankondiger gee die opdrag, “gaan oor in ’n gallop”. Ruiter kry die perd in ‘n gallop, op die regte leibeen (binne been), en vertoon die perd in die gallop. Hierdie is ‘n

saamgevatte tot werkende gallop.

h) Die Beoordelaar kan enige tyd vra dat die Aankondiger die opdrag gee dat die stap, draf of gallop weer vertoon word.

i) Aankondiger gee die opdrag, “gaan oor in die stap en tree van agter aan sonder om teen die rigting van beoordeling te ry”. Ruiter kry perd in die stap en tree aan in ‘n lynformasie in die middel van die baan.

j) Perde tree langs mekaar aan met genoeg spasie tussen perde. Daar moet gelet word dat die Ruiter nog steeds onder beoordeling is en dus nie mag ontspan nie.

k) Die aantree posisie is ‘n stilstaande posisie vir finale inspeksie deur Beoordelaars.

l) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die opdrag gee, “u mag ontspan”. Perd en Ruiter ontspan en kan rondbeweeg.

m) Met die aandkondiging van die plasing van perde, beweeg die Ruiter na die Beoordelaar, en of die Persoon wat die pryse oorhandig, stop, en ontvang sy roset of prys.

n) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-geplaasde perde verlaat die skoubaan.

o) Die geplaasde perde, in plasingsvolgorde, doen ‘n ere rondte op ‘n draf waarna die skoubaan verlaat word.

p) Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

8.2 UNIVERSELE RYKLASSE

a) Perde betree die skoubaan kloksgewys binne op draf.

b) Beoordeling begin sodra die hek toemaak.

c) Ruiters sal in opdrag van die Aankondiger gevra word om te stap, gallop en draf. Verlengde draf mag gevra word.

d) Verandering van rigting sal geskied oorkruis deur die diagonale lengte van die skoubaan in‘n draf. Verlengde draf mag gevra word.

e) Na verandering van rigting sal die Ruiter weer in opdrag van die Aankondiger gevra word om te stap, gallop en draf.

f) ‘n Verlengde draf word bygevoeg by Universele ryklasse waarby die Aankondiger die instruksie sal gee teen watter lang kant van die skoubaan die verlengde draf vertoon moet word.

g) Aankondiger gee die opdrag aan die Ruiters om aan te tree wanneer die Beoordelaars dit aandui. Ruiter kry perd in ‘n stap en tree aan in ‘n lynformasie in die middel van die baan.

h) Perde tree langs mekaar aan met genoeg spasie tussen perde. Daar moet gelet word dat die Ruiter nog steeds onder beoordeling is en dus nie mag ontspan nie.

i) Die aantree posisie is ‘n stilstaande posisie vir finale inspeksie deur Beoordelaars.

j) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die opdrag gee, “u mag ontspan”. Perd en Ruiter ontspan en kan rondbeweeg.

k) Met die aandkondiging van die plasing van perde, beweeg die Ruiter na die Beoordelaar, en of die Persoon wat die pryse oorhandig, stop en ontvang sy roset of prys.

l) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-geplaasde perde verlaat die skoubaan.

m) Die geplaase perde, in plasingsvolgorde, doen ‘n ere rondte op ‘n draf waarna die skoubaan verlaat word.

n) Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

8.3 SHOW TROTTER RYKLASSE

a) Perde betree die skoubaan kloksgewys binne op n draf.
b) Beoordeling begin sodra die hek toemaak. Die eerste rondte sal dan die aanvang neem.
c) Perde mag maksimum ‘n totaal van 3 keer in dieselfde rigting draf waarna hulle deur die diagonaal die rigting moet verander, steeds in draf.
d) Perde draf n maksimum van 3 keer in anti klokse rigting waarna hulle sal gevra word om aan te tree.
e) Perde tree langs mekaar aan met genoeg spasie tussen perde. Daar moet gelet word dat die Ruiter nog steeds onder beoordeling is en dus nie mag ontspan nie.
f) Die aantree posisie is ‘n stilstaande posisie vir finale inspeksie deur Beoordelaars.
g) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die opdrag gee, “u mag ontspan”. Perd en Ruiter ontspan en kan rondbeweeg.
h) Met die aandkondiging van die plasing van perde, beweeg die Ruiter na die Beoordelaar, en of die Persoon wat die pryse oorhandig, stop en ontvang sy roset of prys.
i) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-geplaasde perde verlaat die skoubaan.
j) Die geplaase perde, in plasingsvolgorde, doen ‘n ere rondte op ‘n draf waarna die skoubaan verlaat word.
k) Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

## 9. BEOORDELING RYKLASSE – ALGEMEEN

a) Alle ryklasse sowel as Kampioenskap ryklasse waarna verwys word sal beskou word as 'n Tradisionele aanslag en hantering van reëls en beoordeling, behalwe waar gemeld word Universeel.

b) Hierdie is 'n ryklas en, alhoewel die perd in die uitvoering van die drie gange hoofsaaklik onder beoordeling is, is dit nog belangrik om op die volgende punte te let:

- o Die algemene voorkoms van perd en Ruiter moet op standaard wees. Die algehele prentjie speel 'n rol in die beoordeling.
- o Die manier hoe 'n Ruiter deurgaans in die klas, in die saal sit, die perd hanteer, die hulpmiddels nl. peits, spore, bene, teuels ens. gebruik, speel 'n rol in die beoordeling.
- o Dissipline van perd en Ruiter moet deurgaans van 'n hoë standaard wees en gehandhaaf word.

### 9.1 TRADISIONELE DRIEGANG RYKLASSE BEOORDELING

9.1.2 Die klas word soos volg beoordeel:

a) Uitvoering van die drie gange asook die volhoubaarheid van ritme, impulsie, balans enhouding. (60%)
b) Voorkoms en rasegtheid. (20%)
c) Algemene dissipline. (20%)
d) Versorging en algemene prentjie. (10%)

9.1.3 Stap

a) Die stap word beoordeel van voor, van agter en van die kant af.
b) Die stap het 4 ritmiese voetvalle.
c) Die stap word beoordeel as 'n saamgevatte tot werkende platvoet stap.
d) Die stap moet ruim wees vanuit die skouer met voldoende voortdrywing, dus die stap moet energie uitstraal en nie kortaf wees nie.
e) Die bene moet nie gesleep word nie, maar duidelik opgetel en neergesit word.
f) Die beweging moet reëlmatig wees met links en regs presies ewe groot passé.
g) Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees.
h) Die agterbene, dit is waar die dryfkrag lê, moet van agter sterk vorentoe geplaas word. Die agterbene moet nie te ver agter gaan haal word nie. ("Trail")
i) Die kop aksie is, aangesien dit 'n saamgevatte tot werkende stap is, nog steeds relatief hoog.
j) Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon ("Alert").
k) Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys ("Presence").
l) Oorskakeling van die stap na die draf en of gallop moet vloeiend wees.

9.1.4 Draf

a) Die draf word beoordeel van voor, van agter en van die kant af
b) Die draf het twee ritmiese voetvalle
c) Die draf word beoordeel as 'n saamgevatte tot werkende draf
d) Die draf moet reëlmatig, gebalanseerd, vloeiend en aktief wees
e) Die voorbene/knieë word natuurlik hoog gedra in die draf met ruim tree vanuit die skouer met voldoende voortdrywing
f) Die voorbene moet nie net op en af en onder die perd in beweeg nie, dit moet op en vorentoe beweeg vanuit die skouer.
g) Die agterbene moet aktief van agter reguit opkom na die lyf en dan vorentoe gestoot word. Die agterbene moet nie te ver agter gaan haal word nie ("Trail")
h) Die draf moet vloeiend en baie aktief wees, maar moet nog steeds reëlmatig bly

met linksen regs ewe groot passé en in ‘n reguit lyn

i) Die draf moet ligvoetig en drywend wees met voldoende voortdrywing in ‘n rolbeweging
j) Die ideale vlug van die beweging moet reguit na voor wees
k) Die perd moet homself dra en nie op die voorhand wees nie
l) Die kop aksie is trots na bo, so na as moontlik aan die vertikale lyn (Nie te oop of te toe, by die kop nek aansluiting nie)
m) Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”)
n) Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”)
o) Oorskakeling van die draf na die stap moet vloeiend wees

9.1.5 Gallop

a) Oorskakeling van die stap na die gallop moet vloeiend en opwaarts wees (“Upward”).
b) Die gallop word beoordeel van voor, van agter en van die kant af.
c) Die gallop het 3 ritmiese voetvalle.
d) Die gallop word beoordeel as ‘n saamgevatte tot werkende gallop.
e) Die gallop moet lig, gebalanseerd, reëlmatig en ritmies wees met voldoende voortdrywing van agter (“Uphill canter”). Ritme moet deurgaans behou word.
f) Spoed moet vermy word en moet dus nie gejaagd en buite beheer wees nie.
g) Die perd moet lig voor wees en nie op die voorhand wees nie.
h) Die kop aksie is trots na bo, so na as moontlik aan die vertikale lyn (nie te oop of te toe, by die kop/nek aansluiting nie).
i) Leibene
   Anti-kloksgewys: Die linker of te wel die binnebeen is dan die leibeen.
   Kloksgewys: Die regter of te wel die binnebeen is dan die leibeen.
   Ruiters wat met die verkeerde been lei sal gepenaliseer word.
j) Die ore moet na vore gespits en wakker vertoon (“Alert”).
k) Die algehele voorkoms van die perd moet uitstraling wys (“Presence”).

9.2 UNIVERSELE DRIEGANG RYKLASSE BEOORDELING

9.2.1 Klas word soos volg beoordeel:

a) Die vermoë vir die korrekte uitvoering van die drie gange asook die verlengde draf. (40%)
b) Die vermoë om ritme en balans en “frame” te behou in al die gange insluitend die verlengde draf, sowel as in die oorgaan van die onderskeie gange. (10%)
c) Die vermoë om korrek van die een gang oor te gaan na die volgende asook weer terug na die vorige gang. (10%)
d) Die korrektheid van die ruiters se posisie in die saal (“Seat”). (10%)
e) Algehele dissipline in die uitvoering van die ryklas. (10%)
f) Voorkoms en rasegtheid wat deur die perd uitgestraal word. (10%)
g) Versorging en algehele prentjie van die Ruiter en perd kombinasie. (10%)

9.2.2 Stap:

a) Die vermoë om korrek te kan platvoet stap (“over tracking”). Die stap moet ruim tree vanuit die skouer en met kragtige voortdrywing teweeg bring.
b) Die vermoë om die perd in ‘n “collective frame, on the bit” deur die rug te laat werk.
c) Die “kop en nek” posisie vertoon effens laer met die “pol” as die hoogste punt, en die perd op die “bit”.

d) Die korrektheid van die ruiter se gebruik van die hulpmiddels ("Aids") nl. Bene, peits, seat, spore en teuels.
e) Die basiese beoordeling soos vir Tradisionele Ryklasse in die drie (3) onderskeie gange bly dieselfde, behalwe soos in punt a) tot k) hierbo uitgewys.

9.3 DRIEGANG PLESIERPERD

9.3.1 Klas word soos volg beoordeel:

a) Die Plesierperdklas word beoordeel op 'n platvoetstap, draf en 'n ritmiese saamgestelde ("collected") gallop.
b) Die perde word beoordeel ten opsigte van geskiktheid, uiters goeie maniere en die "turnout".
c) Western Klasse beoordeling – sien aangehegde dokument

9.4 RUITERKUNS KLASSE

9.4.1 Klas word soos volg beoordeel:

a) Ruiterkuns klasse word verdeel in Tradisioneel en Universeel afdelings.
b) Tradisionele klasse word volgens Saddle Seat (SSSA: Saddle Seat South Africa) beoordeel.
c) Universele klasse word volgens Standard seat (naam van reëls en Bylae nommer) beoordeel.

9.5 SHOW TROTTER KLAS BEOORDELING

9.5.1 Klas word soos volg beoordeel:

a) Perde mag slegs draf. Perde wat in stap of galop in breek of oorslaan MOET afgeplaas word.
b) Die perd met die mees indrukwekkende en gebalanseerde draf wen.

## 10. RYKLAS INDELINGS

**<u>Tradisionele Ryklasse, ingedeel volgens Kampioenskap klasse met onderskeie kwalifiserende klasse</u>**

**Senior Kampioen Driegang**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Hings/Reun 6 jaar en ouer
- Driegang Merrie 6 jaar en ouer
- Driegang Dames Ryperd
- Driegang Mans Ryperd

**Junior Kampioen Driegang**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Hings/ Reun bo 3 jaar maar onder 6 jaar
- Driegang Merrie bo 3 jaar maar onder 6 jaar

**Kampioen Driegang Kinderryperd - Ruiter onder 18 jaar (slegs merrie of reun)**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Kinderryperd-Ruiter 14 jaar en jonger(slegs merrie of reun)
- Driegang Kinderryperd-Ruiter bo 14 jaar maar onder 18 jaar (slegs merrie of reun)

**Senior Kampioen Driegang Plesierperd**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Plesierperd Merrie bo 6 jaar
- Driegang Plesierperd Hings/Reun bo 6 jaar

**Junior Kampioen Driegang Plesierperd**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Plesierperd Merrie bo 3 jaar onder 6 jaar
- Driegang Plesierperd Hings/Reun bo 3 jaar onder 6 jaar

**Kampioen Driegang Kinder Plesierperd**

- **Ruiter onder 18 jaar (slegs merrie of reun)**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Die klas is 'n Outomatiese Kampioenskap klas.

**Stap-draf kinderryperd**

**- Ruiter 10 jaar en onder (slegs merrie of reun)**

**<u>Universele Ryklasse, ingedeel volgens Kampioenskap klasse met onderskeie kwalifiserende klasse</u>**

**Senior Kampioen Driegang Universeel**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Universeel Hings/Reun 6 jaar en ouer
- Driegang Universeel Merrie 6 jaar en ouer

**Junior Kampioen Driegang Universeel**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Universeel Hings/ Reun bo 3 jaar maar onder 6 jaar
- Driegang Universeel Merrie bo 3 jaar maar onder 6jaar

**Kampioen Driegang Kinderryperd Universeel – Ruiter onder 18 jaar (slegs merrie of reun)**

Die Kampioenskap se kwalifiserende klasse is as volg:

- Driegang Universeel Kinderryperd-Ruiter 14 jaar en jonger (slegs merrie of reun)
- Driegang Universele Kinderryperd-Ruiter bo 14 jaar maar onder 18 jaar (slegs merrie of reun)

**Stap-draf Universele Kinderryperd**

- Ruiter 10 jaar en onder (slegs merrie of reun)

**<u>Nuwe klasse</u>:**

Western Plesierperd stap/draf onder 14 M/R
Western Plesierperd H/M/R
Driegang ruiter bo 40 Tradisioneel
Driegang ruiter bo 40 Universeel
Show Trotting
As inskrywing dit toelaat kan die klas gedeel word in 'n Merrie en Hings/ Reun of Junior en Senior Klas of albei sowel as Kampioenskap**.**

## 11. KLASLYS TYDENS SKOUE

| FRIESPERD SKOUKLASSE EN KLASBESKRYWINGS | |
|---|---|
| **RYKLASSE** | |
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| | **UNIVERSELE STYL BESKRYWING VAN GANGE:**<br><br>**Die saamgevatte draf** is 'n energieke voorwaartse beweging, waartydens die perd op die "bit" bly, die beweging is meer gedryf vanuit die agterlyf, en van onder die perd af ("engaged"), met 'n duidelike fleksie in die hakgewrig en die kootgewrig, wat 'n opwaartse beweging in die voorhand toon. Die agterlyf dra meer gewig en 'n duidelike kadens moet sigbaar wees. Die bewegings toon meer elevasie en mobiliteit, met die nek meer gelig en in 'n geboë vorm, waartydens die kruin nog steeds die hoogste punt moet vertoon, met die neus nie na vore uitgedruk nie, die nek mag ook nie uitgestrek na vore wees nie.<br><br>**Die verlengde/uitgestrekte** draf moet 'n duidelike verskil toon waartydens die perd sy tree verleng om so veel moontlik grond te bedek, die aksie spruit voort vanuit die kragtige beweging in die agterlyf ("impulsion"), waar die agterbeen kragtig onder die perd inbeweeg en die agter hoef duidelik die afdruk van die voorste hoef oortrek. Die perd moet balans toon en ter selfde tyd dieselfde ritme behou tydens elke tree, versnelde vinnige tree is nie korrek nie. Junior Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, daar word ook minder streng beoordeel op die uitgestrekte draf. |
| F16 | Driegang Hings/Reun 3 jaar maar onder 6 jaar |
| F17 | Driegang Merrie 3 jaar maar onder 6 jaar |
| **X3** | **Junior Kampioen Driegang** |
| BESKRYWING | Klasse F16, F17 en X3 is Driegang klasse en Kampioenskap vir perde 3 jaar maar onder 6 jaar, perde word op 'n platvoet stap, werksdraf en gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. 'n Perd mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word aangesien dit nog Junior perde is. |
| F18 | Driegang Universeel Hings/Reun 3 jaar maar onder 6 jaar |
| F19 | Driegang Universeel Merrie 3 jaar maar onder 6 jaar |
| **X4** | **Junior Kampioen Driegang Universeel** |
| BESKRYWING | Klasse F18, F19 en X4 is Driegang Klasse en Kampioenskap vir perde 3 jaar en ouer maar onder 6 jaar in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n platvoet stap, saamgevatte draf, 'n verlengde draf en saamgevatte gallop. Beoordelaars kyk na die die vermoë om platvoet te kan stap, ruim tree vanuit die skouer met kragtige voortdrywing vanaf die agterbeen met genoegsame grondbedekking. Die perd moet in 'n "collective frame" en "on the bit" deur die rug werk, nek en kop posisie vertoon effens laer maar met die kruin as hoogste punt en die perd "on the bit". |
| F20 | Driegang Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| F21 | Driegang Merrie 6 jaar en ouer |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | Klasse F20 en F21 is Driegang Klasse onderskeidelik vir Senior hingste/reuns en merries, perde word op ’n platvoet stap, werksdraf en gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. |
| F22 | Driegang Dames Ryperd |
| F23 | Driegang Mans Ryperd |
| BESKRYWING | Klasse F22 en F23 Driegang Klasse vir Senior perde van enige geslag wat onderskeidelik deur 'n man of dame 18 jaar en ouer gery word. Perde word op 'n platvoet stap, werksdraf en gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by 'n dame of 'n heer se perd pas. |
| **X5** | **Senior Kampioen Driegang** |
| BESKRYWING | X5 is ’n Kampioenskap vir die geplaasde perde uit klasse F20 tot F23 |
| F24 | Driegang Universeel Hings /Reun 6 jaar en ouer |
| F25 | Driegang Universeel Merrie 6 jaar en ouer |
| **X6** | **Senior Kampioen Driegang Universeel** |
| BESKRYWING | Klasse F24, F25 en X6 is Driegang Klasse en Kampioenskap vir perde 6 jaar en ouer in Universele styl, perde word beoordeel op 'n platvoet stap, saamgevatte draf, 'n verlengde draf en saamgevatte gallop, Beoordelaars kyk na die die vermoë om platvoet te kan stap, ruim tree vanuit die skouer met kragtige voortdrywing vanaf die agterbeen met genoegsame grondbedekking. Die perd moet in 'n "collective frame" en "on the bit" deur die rug werk, nek en kop posisie vertoon effens laer maar met die "pol" as hoogste punt en die perd "on the bit". |
| F26 | Stap-draf kinderryperd-Ruiter 10 jaar en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F26 is 'n ryperd klas, wat gery word deur 'n kind 10 jaar en onder, slegs merries en reuns word toegelaat, die perd word beoordeel op 'n platvoetstap en saamgevatde draf. Beoordelaars kyk na styl en aksie en dat die perd uiters goeie maniere en skoling toon (korrekte uitvoering van die gange). |
| F27 | Stap-draf kinderruiter- Ruiter 10 jaar en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F27 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders 10 jaar en onder, Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die 'Saddleseat" rystyl op 'n platvoet stap en saamgevatte draf terwyl die perd die gange korrek uitvoer. Slegs merries en reuns word toegelaat. |
| **F28** | **Stap-draf medaljeklas ruiter 12 jaar en onder (toets sal gevra word, merrie of reun)** |
| BESKRYWING | F28 is 'n stap en draf toets vir kinders 12 jaar en onder volgens die 'Saddleseat" rystyl se reëls en standaarde. |
| F29 | Stap-draf Universele kinderryperd-Ruiter 10 jaar en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F29 is 'n ryperd klas, wat gery word deur 'n kind 10 jaar en onder, slegs merries en reuns word toegelaat. Die perd word beoordeel op 'n platvoet stap en saamgevatte draf. Beoordelaars kyk na universele styl en aksie en dat die perd uiters goeie maniere en skoling toon (korrekte uitvoering van die gange). |
| F30 | Stap-draf Universele kinderruiter-Ruiter 10jr en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F30 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders O/10 jaar. Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die "Standardseat" rystyl op 'n platvoet stap en saamgevatte draf terwyl die perd die gange korrek uitvoer. Slegs merries en reuns word toegelaat. |
| F31 | Driegang Kinderryperd-Ruiter 14 jaar en onder (slegs merrie of reun) |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | F31 is 'n Ryperd klas vir perde gery deur 'n kind 14 jaar en onder, slegs merries en reuns word toegelaat. Die perd word beoordeel op 'n platvoet stap, werksdraf en 'n gallop. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie en uiters goeie maniere van die perd. |
| F32 | Driegang Kinderryperd-Ruiter onder 18 jaar, bo 14 jaar (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F32 is 'n Ryperd klas vir perde gery deur 'n kind 14 jaar en ouer maar onder 18 jaar, perde van enige geslag word toegelaat. Die perd word beoordeel op 'n platvoet stap, werksdraf en 'n gallop. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie, sowel as uiters goeie maniere van die perd. |
| **X7** | **Kampioen Driegang Kinderryperd- Ruiter onder 18 jaar (merrie of reun)** |
| BESKRYWING | X7 is die Kampioenskap vir die geplaasde perde uit Klasse F31 en F32 |
| F33 | Driegang Universeel Kinder Ryperd – Ruiter 14 jaar en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F33 is 'n Ryperd klas vir perde gery deur 'n kind 14 jaar en onder. Slegs merries en reuns word toegelaat. Die perd word beoordeel op ŉ platvoet stap, saamgevatte draf, verlengde draf en ŉ saamgevatte gallop. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange in universele styl en aksie, sowel as uiters goeie maniere van die perd. |
| F34 | Driegang Universeel Kinderryperd – Ruiter onder 18 jaar, bo 14 jaar (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F34 is 'n Ryperd klas vir perde gery deur ŉ kind 14 jaar en ouer maar onder 18 jaar. Slegs merries en reuns word toegelaat. Die perd word beoordeel op 'n platvoet stap, saamgevatde draf, verlengde draf en 'n saamgevatte gallop. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange in universeele styl en aksie, sowel as uiters goeie maniere van die perd. |
| **X8** | **Kampioen Driegang Kinderryperd Universeel- Ruiter onder 18 jaar (slegs merrie of reun)** |
| BESKRYWING | X8 is die Kampioenskap vir die geplaasde perde uit Klasse F33 en F34 |
| F35 | Driegang Kinderruiter-Ruiter 14 jaar en onder (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F35 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders onder 14 jaar. Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die "Saddleseat" rystyl op 'n platvoet stap, saamgevatte draf en 'n saamgevatte gallop, terwyl die perd die gange korrek uitvoer. Slegs merries en reuns word toegelaat |
| F36 | Driegang Kinderruiter-Ruiter onder 18 jaar, bo 14 jaar (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F35 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders 14 jaar en ouer maar onder 18 jaar. Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die "Saddleseat" rystyl op 'n platvoet stap, saamgevatte draf en 'n saamgevatte gallop terwyl die perd die gange korrek uitvoer. Slegs merries en reuns word toegelaat. |
| **F37** | **Champion of Champions Saddleseat Ruiter onder 18 jaar (toets sal gevra word)** |
| BESKRYWING | F37 is 'n Driegang toets vir kinders onder 18 jaar volgens die "Saddleseat" rystyl en reëls en standaarde. |
| F38 | Driegang Universeel Kinderruiter – Ruiter 14 jaar en onder (slegs merrie of reun) |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | F38 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders onder 14 jaar. Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die "Standardseat" styl op 'n platvoet stap, saamgevatte draf en saamgevatte gallop, terwyl die perd die gange korrek uitvoer in Universele styl. Slegs merries en reuns word toegelaat. |
| F39 | Driegang Universeel Kinderruiter- Ruiter onder 18 jaar, bo 14 jaar (slegs merrie of reun) |
| BESKRYWING | F39 is 'n Ruiterkuns klas vir kinders 14 jaar en ouer maar onder 18 jaar. Ruiterkuns van die kind word beoordeel volgens die "Standardseat" rystyl op 'n platvoet stap, saamgevatte draf en saamgevatte gallop, terwyl die perd die gange korrek uitvoer in Universele styl. Slegs merries en reuns word toegelaat. |
| F40 | Driegang Plesierperd Merrie 3 jaar maar onder 6 jaar |
| F41 | Driegang Plesierperd HReun 3 jaar onder 6 jaar |
| **X9** | **Junior Kampioen Driegang Plesierperd** |
| BESKRYWING | Klasse F40, F41 en X9 is Driegang Plesierperd klasse en Kampioenskap vir perde 3 jaar en ouer maar onder 6 jaar. Perde word op 'n platvoet stap, 'n werksdraf en saamgevatte gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Plesierperde se maksimum hoeflengte is 120mm yster ingesluit. 'n Plesierperd is 'n goed gemanierde perd wat die indruk skep dat dit 'n plesier is om die perd te ry en om met die perd te werk. 'n Perd mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word aangesien dit nog Junior perde is. |
| F42 | Driegang Plesierperd Merrie 6 jaar en ouer |
| F43 | Driegang Plesierperd Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| **X10** | **Senior Kampioen Driegang Plesierperd** |
| BESKRYWING | Klasse F42, F43 en X10 is Driegang Plesierperd klasse en Kampioenskap vir perde 6 jaar en ouer. Perde word op 'n platvoet stap, 'n werksdraf en saamgevatte gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Plesierperde se maksimum hoeflengte is 120mm yster ingesluit. 'n Plesierperd is 'n goed gemanierde perd wat die indruk skep dat dit 'n plesier is om die perd te ry en om met die perd te werk. |
| **F44** | **Kampioen Driegang Kinder Plesierperd- Ruiter onder 18 jaar (slegs merrie of reun)** |
| BESKRYWING | F44 is Driegang Plesierperd Kampioenskap vir Plesierperde gery deur kinders onder 18 jaar. Perde word op 'n platvoet stap, 'n werksdraf en saamgevatte gallop beoordeel. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Plesierperde se maksimum hoeflengte is 120mm yster ingesluit. 'n Plesierperd is 'n goed gemanierde perd wat die indruk skep dat dit 'n plesier is om die perd te ry en om met die perd te werk. |
| F45 | Leiriem Kinders 8 jaar en onder, slegs Merrie of Reun |
| BESKRYWING | F45 is 'n klas waar kinders onder 8 jaar en jonger se rystyl beoordeel word terwyl hulle op die perde gelei word op 'n platvoet stap. Kinders wat kan draf word deur die Aankondiger gevra vir 'n saamgevatte draf en daar volgens beoordeel. Die klas het geen spesifieke kleredrag of toerusting solank die kinders netjies vertoon. 'n Driepunt gespe harde ry hoed is verpligtend.<br>Alle perde moet te alle tye onder beheer aan 'n leiriem wees. |

| **RYKLASSE - vervolg: Predikate** | |
|---|---|
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| | **UNIVERSELE STYL BESKRYWING VAN GANGE:**<br><br>**Die saamgevatte draf** is 'n energieke voorwaartse beweging, waartydens die perd op die "bit" bly, die beweging is meer gedryf vanuit die agterlyf, en van onder die perd af ("engaged"), met 'n duidelike fleksie in die hakgewrig en die kootgewrig, wat 'n opwaartse beweging in die voorhand toon. Die agterlyf dra meer gewig en 'n duidelike kadens moet sigbaar wees. Die bewegings toon meerelevasie en mobiliteit, met die nek meer gelig en in 'n geboë vorm, waartydens die kruin nog steeds die hoogste punt moet vertoon, met die neus nie na vore uitgedruk nie, die nek mag ook nie uitgestrek na vore wees nie.<br><br>**Die verlengde/uitgestrekte** draf moet 'n duidelike verskil toon waartydens dieperd sy tree verleng om so veel moontlik grond te bedek, die aksie spruit voort vanuit die kragtige beweging in die agterlyf ("impulsion"), waar die agterbeen kragtig onder die perd inbeweeg en die agter hoef duidelik die afdruk van die voorste hoef oortrek. Die perd moet balans toon en ter selfde tyd dieselfde ritmebehou tydens elke tree, versnelde vinnige tree is nie korrek nie. Junior Perde mag'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, daar word ook minder streng beoordeel op die uitgestrekte draf. |
| F91 | Hings met Dekvergunning |
| F92 | Stamboek Hings |
| F93 | Kroon Merrie |
| F94 | Model Merrie |
| F95 | Sport Perd (Hings, Merrie en Reun) |
| F96 | Elite Sport Perd (Hings, Merrie en Reun) |

## HOOFSTUK 6

## TUIGKLASSE

**1. ALGEMENE REËLS – TUIGKLASSE**

a) Die twee individuele perde saam vorm 'n eenheid/paar in 'n Tuigklas soos by Dubbeltuig of Tandem klas.

b) In die Dubbeltuig, Tandem, Klawer en Vierspan mag Junior perde saam met Senior perde as 'neenheid deelneem in verskillende trekklas dissiplines, maar wel dan onder die Senior Afdelings.

c) Helpers in die baan mag slegs die perde vashou, geen ander handeling is toelaatbaar nie.

d) Twee Vertoners word toegelaat by die volgende klasse:
- Dubbeltuig;
- Vierspan;
- Klawer; en
- Agtspan.

e) Slegs een persoon mag dryf by die Tandem klasse. Daar sal gediskrimineer word as daar meer as een drywer is.

f) Indien die tuig breek of daar van die wiele breek en/of loskom gedurende die klas en dit 'n veiligheidsgevaar inhou, sal die Baanbeampte dit vinnig ondersoek en 'n besluit neem. In hierdie geval word hulp van buite toegelaat vir die vashou van perde. Daar sal slegs 5 minute hersteltyd toegelaat word in 'n gewone klas, maar sewe (7) minute in 'n Kampioenskap klas.

g) Vir die Dubbeltuig, Tandem, Klawer en Vierspan klasse geld dit dat, indien 'n perd wat gekwalifiseer het vir 'n kampioenskap siek word of 'n besering opdoen voor die kampioenskap, kan toestemming verkry word om 'n ander perd in die betrokke perd se plek in te span vir die kampioenskap. Met die voorwaarde dat daar 'n Veearts sertifikaat getoon kan word vir die betrokke siek of beseerde perd.

**2. KRUISINSKRYWINGSREËL – TUIGKLASSE**

NIE TOELAATBAAR

a) Kruisinskrywings is van toepassing op Enkeltuigklas dissiplines: Enkeltuig Tradisioneel, Siertuig, Plesierperd Enkeltuig en Enkeltuig Universeel.

Byvoorbeeld: 'n Perd wat deelneem aan Enkeltuig Tradisionele tuigklasse gedurendeSkou A, MAG NIE deelneem aan Enkeltuig Universele klasse of Siertuig klasse gedurende dieselfde Skou A nie.

b) Kruisinskrywings is van toepassing op 'n eenheid/paar perde as kombinasie, in die Dubbeltuig Tradisionele klasse en Paar Koetsperde en Dubbeltuig Universele klasse.

Byvoorbeeld: 'n eenheid/paar perde (as kombinasie) wat gedurende skou A, as Tradisionele Dubbeltuig deelnemers kompeteer, MAG NIE deelneem aan die Universele Dubbeltuig tuigklas dissipline by Skou A nie.

c) Kruisinskrywings tussen ENIGE Tradisionele- en Universele klasse word nie toegelaat nie.

d) Kruisinskrywings is selgs van toepassing gedurende 'n skou. Die perd/e mag met 'n toekomstige skou weer aan 'n ander enkel trekklas dissipline deelneem.

Byvoorbeeld: 'n Perd is gedurende skou A, 'n Tradisionele Enkeltuig deelnemer, by die volgende skou B, mag dieselfde Perd as 'n Universele Enkeltuig deelnemer kompeteer.

e) 'n Senior perd mag glad nie deelneem aan die Junior tuigklas dissiplines nie, maar 'n Junior perd MAG deelneem aan die Senior tuigklas dissiplines, onderhewig aan die reël in f).

f) Geen Kruisinskrywings is toelaatbaar tussen Junior en Senior perde in die Enkeltuigklas dissiplines nie.

Byvoorbeeld: ‘n Junior Perd is gedurende skou A, ‘n Senior Universele Enkeltuig deelnemer in die kwalifiserende klas sowel as kampioenskap klas, die Junior Perd **MAG NIE** deelneem aan die Junior Universele Enkeltuigklas dissipline gedurende die skou nie.

g) Geen Kruisinskrywings word toegelaat tussen ‘n eenheid/paar perde wat ‘n kombinasie saam is as Juniors in een dissipline vorm, om deel te neem as Seniors in dieselfde dissipline nie.

Byvoorbeeld:
‘n eenheid/paar perde wat as ‘n kombinasie saam, as Juniors deelnemers aan:

- Junior Dubbeltuig Tradisionele klasse
- Junior Dubbeltuig Universele klasse
- Junior Tandem klasse

**MAG NIE** as ‘n eenheid/paar perde wat as ‘n kombinasie saam, ook as Seniors deelneem nie:

- Senior Dubbeltuig Tadisionele klasse
- Senior Dubbeltuig Universele klasse
- Senior Tandem klasse

h) Kruisinskrywingsreëls is van toepassing op die gewone klasse van die onderskeie Enkeltrekklas dissiplines.

i) Kruisinskrywingsreëls is ook van toepassing op die Kampioenskap Klasse van die onderskeie Enkel trekklas dissiplines.

TOELAATBAAR

j) ‘n Perd wat deelneem aan die Tradisionele Enkeltuigklas dissipline **MAG** ook deelneem aan die Tradisionele Kinder Enkeltuig – Ruiter o/18 jaar (behalwe ’n hings), tuigklas dissipline.

k) ‘n Perd wat deelneem aan die Tradisionele Enkeltuigklas dissipline **MAG** ook deelneem aan die Dames Enkeltuig, tuigklas dissipline.

l) ‘n Perd wat deelneem aan die Siertuig tuigklas dissiplines **MAG** ook deelneem aan die KinderSiertuig – Ruiter o/18 jaar (behalwe ’n hings), tuigklas dissipline.

m) ‘n Perd wat deelneem aan die Siertuig tuigklas dissiplines **MAG** ook deelneem aan die DamesSiertuig, tuigklas dissipline.

n) ‘n Perd (behalwe ’n hings) wat deelneem aan die Plesierperd Enkeltuigklas dissipline **MAG** ook deelneem aan dieTradisionele Kinder Enkeltuig – Ruiter o/18 jaar, tuigklas dissipline.

o) ‘n Perd wat deelneem aan die Universele Enkeltuig tuigklas dissiplines **MAG** ook deelneem aan die Universele Dames Enkeltuig, tuigklas dissiplines.

p) Indien ‘n Junior perd deel uitmaak van ‘n eenheid wat aan die Junior Dubbeltuig of Junior Tandem klasse deelneem, mag daardie Junior perde apart as ‘n nuwe kombinasie saam met ‘n Senior perd wel aan die Senior Dubbeltuig of Senior Tandem klasse deelneem.

q) In Dubbeltuigklasse mag Junior perde saam Senior perde as ‘n eenheid/paar in klasse deelneem/skou, tydens die duur van ‘n betrokke skou, in so ’n geval mag die Junior perd weer‘n nuwe kombinasie as eenheid/paar met ‘n ander Junior perd vorm en in daardieselfde dissipline ook as ’n Junior deelneem nie.

Byvoorbeeld:
‘n Junior perd kan saam met ‘n Senior perd deelneem aan:

- Senior Dubbeltuig Tradisionele klasse
- Senior Dubbeltuig Universele klasse

en **MAG** dan in dieselfde dissipline as nuwe Junior eenheid/paar deelneem aan:

- Junior Dubbeltuig Tradisionele Klasse
- Junior Dubbeltuig Universele Klasse nie.

r) Indien die drywer onder 15 jaar (met hulp) mag daar 'n Tradidionele \Plesierperd of Universele perd gebruik word. Die hulp moet verkieslik langs die kinderdrywer sit en nie agter op die skoukar nie.

s) Junior perd mag wel tydens die duur van dieselfde skou aan verskillende dissiplines as of 'n Junior perd of 'n Senior perd deelneem.

Byvoorbeeld:

'n Junior perd **MAG** deelneem aan:

- Junior Enkeltuig Tradisionele klasse en Senior Tandem klasse (vorm eenheid/paar met 'n Seniorperd), of
- Junior Tandem klasse en Senior Dubbeltuig Universele klasse (vorm elke keer 'n nuwe eenheid/paar met die ander individuele perd).

## 3. TOERUSTING TUIGKLASSE

Slegs die volgende toerusting en hulpmiddels word toegelaat, **GEE**N ander.

a) Swart, wit of donker bruin tuie word toegelaat, in leer of sintetiese materiaal.
b) Swart, wit of donker bruin tooms word toegelaat, in leer of sintetiese materiaal.
c) Enkel-toeklap toom, met stang en kenketting, of trens met enkel of dubbel ringe, met of sonder'n neusband.
d) Stang of trens mag nie dunner as 10mm wees nie.
e) Junior perde moet verkieslik met 'n trens ingespan word.
f) Enkeltuig, Siertuig en Plesierperd Enkeltuig – Ophalers en Afhalers is opsioneel.
LET WEL: Indien 'n Ophaler gebruik word is 'n Afhaler verpligtend.
g) Koetsperde mag van **GEEN** ophalers, afhalers en valsleisels gebruik maak nie.
h) Deelnemersnommer word op die agterkant van die karretjie aangebring, en moet sigbaar wees met grootte 200 x 150mm.

**OPSIONEEL**

i) Afhalers.
j) Ophaler trens mag nie dunner as 8mm wees nie.
k) Koggelstok van maksimum 8mm en koppelriem.
l) Valsleisels.
m) Dryfpeits sonder tossels, en of, 'n swepie.
n) Geen standard martingale.

## 4. KAR EN TUIG

Die volgende rytuie mag gebruik word:

a) Vierwiel Spider met ligte rubberbande.
b) Ligte moderne vierwiel kar met fietsbande soos byvoorbeeld "Aasvoëls".
c) Tradisionele antieke karre of replikasies daarvan.
d) Alle karre moet in 'n goeie werkende toestand wees met gebalanseerde wiele.
e) "Bucket seat" karrietjies is ook toelaatbaar in Kinder Tuigklasse met Helper.

**5. KLEREDRAG TUIGKLASSE**

a) Netjiese Kakie langbroek.
b) Formele wit kort of langmou hemp met kraag, geen T-hemp of golf hemp.
c) Netjiese skoene of tekkies met bypassende kleur sokkies.
d) Swart baadjie. Slegs die Friesperdtelersgenootskapwapen word op die baadjie toegelaat.
e) Netjiese hoed.
f) Of een van die volgende uitrustings volledig as geheel aangetrek, verduidelik onder hulle afdelings;
g) Tradisionele rydrag (Kentucky pak)
h) Engelse rydrag (Universele rydrag)
i) Universele dryfdrag – Swart langbroek, Hollandse voorskoot toelaatbaar, Hollandse mans endames Fries-tradisie uitrustings vir die Sjees.
j) Dames enkeltuig en Dames siertuig uitrusting elegant en gepas vir geleentheid. Rokke is toelaatbaar.

**6. KINDER TUIGKLASSE**

a) Geen Hingste word toegelaat in Kinder Enkeltuig klasse waar die Koetsier 15 jaar en jonger is nie.
b) 'n Helper is verpligtend by Kinder Enkeltuig klasse waar die Koetsier 15 jaar en jonger is, by Merries en Reun perde.
c) Handvatsels ("loops") op leisels is verpligtend in Kinder Enkeltuig klasse.
d) Tydens die Kinder Enkeltuig klasse sal die Koetser nie gevra word om sy/haar perd te vertoon nie (geen werksdraf).

**7. DAMES TUIGKLASSE**

a) Handvatsels ("loops") op leisels is verpligtend in Dames Tuigklasse.
b) Hingste word toegelaat.

**8. UNIVERSELE TUIGKLASSE**

a) Slegs standaard (plates) hoefysters mag gebruik word met die volgende beperkings: nie dikker as 8mm en nie wyer as 25mm.
b) Hoeflengte met die yster saam gemeet, mag slegs 'n maksimum van 155mm wees. Die lengte word gemeet aan die voorkant van die hoef, vanaf die onderste punt van die hoefyster tot waar die haarlyn aan die bokant van die hoef begin.
c) Geen "pad", wedges of enige ander sole mag onder die hoefyster gebruik word nie.
d) Geen dwarsbalkies is toelaatbaar nie.

**9. KOETSPERDE KLASSE**

a) Die Tuig moet 'n 4-wiel kar wees.
b) Slegs een Vertoner per kar word toegelaat.
c) Vertoners bo 60 jaar mag 'n helper op die kar hê.
d) Geen vals leisels of ophalers word toegelaat.

**10. VERSAMELPLEK PROSEDURE - TUIGKLASSE**

a) Alle Vertoners en perde moet ten minste drie (3) minute voor die begin van die klas by die aangewysde versamelplek aanmeld.
b) Versamelplek Beampte kontroleer die deelnemernommer en perde ingeskryf vir die betrokke klas.
c) Versamelplek Beampte gaan na of die reëls, soos van toepassing op die betrokke

trekklasdissipline, nagekom is.

d) Versamelplek Beampte gee die instruksie vir die oopmaak van die skoubaanhek en Vertoners gaan die skoubaan binne.

e) Versamelplek Beampte gee die bevel vir die toemaak van die hek vir die betrokke klas om te begin.

f) As die hek eers toe is kan geen verdere Vertoner met Tuig, wat laat is, toegelaat word nie.

## 11. SKOUBAAN PROSEDURE – TUIGLASSE

### 11.1 TRADISIONELE TUIGKLASSE

a) Vertoners en perde is reeds onder beoordeling sodra hulle die skoubaan binne gaan.

b) Perde betree die skoubaan, anti-kloksgewys binne op 'n draf terwyl hulle optimaal vertoon word.

c) Indien daar 'n probleem in die skoubaan voorkom, sal die Aankondiger vra dat die perde moet ontspan. Probeer stap of staan tot die probleem opgelos is. Die Aankondiger sal dan die opdraggee wanneer weer voortgegaan kan word.

d) Die Aankondiger sal die opdrag gee wanneer van rigting verander moet word, en dan weer voortgegaan moet word.

e) Wanneer die Aankondiger die opdrag gee om aan te tree, word daar vanaf die inkomende hek, van agter, sonder om teen die rigting van beweging te ry, op 'n stap, met gesigte na buite vir finale beoordeling in die stilstaande posisie aangetree.

f) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die opdrag gee, "U mag ontspan", die Vertoner en perd ontspan en kan dan rond beweeg.

g) Met die aankondiging van die plasing van die perde, beweeg die Vertoner na die Beoordelaar, en/of die Persoon wat die pryse oorhandig, stop, en ontvang sy/haar roset of prys.

h) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-geplaasde perde verlaat die skoubaan.

i) Die geplaasde perde, in plasingsvolgorde, doen dan 'n ere rondte op 'n draf waarna die skoubaan verlaat word.

j) Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

### 11.2 UNIVERSELE TUIGKLASSE

a) Vertoners en perde is reeds onder beoordeling sodra hulle die skoubaan binne gaan.

b) Perde betree die skoubaan kloksgewys op 'n saamgevatte draf.

c) Die Aankondiger sal opdrag gee wanneer die Vertooner die perd moet vertoon.

d) Die Aankondiger sal opdrag gee wanneer die Vertoner moet terugkom na 'n saamgevatte draf.

e) Die Aankondiger sal die opdrag gee wanneer van rigting verander moet word, en dan weer voortgegaan moet word op 'n saamgevatte draf.

f) Die Aankondiger sal opdrag gee wanneer die Vertoner die perd moet vertoon.

g) Wanneer die Aankondiger die opdrag gee om aan te tree, tree aan vanaf die inkomende hek, met gesigte na buite vir finale beoordeling in die stilstaande posisie.

h) Sodra die beoordeling afgehandel is sal die Aankondiger die opdrag gee, "U mag ontspan", dieVertoner en perd ontspan en kan dan rond beweeg.

i) Met die aandkondiging van die plasing van die perde, beweeg die Vertoner na die Beoordelaar en/of die Persoon wat die pryse oorhandig, stop, en ontvang sy roset of prys.

j) Direk na die laaste roset oorhandig is, word die hek oopgemaak en die nie-

geplaasde perde verlaat die skoubaan.

k) Die geplaasde perde, in plasingsvolgorde, doen dan ‘n ere rondte op ‘n draf waarna die skoubaan verlaat word.

l) Die ere rondte word kloksgewys gedoen.

**12. BEOORDELING: TUIGKLASSE – ALGEMEEN**

Tuigklasse se perde is hoofsaaklik onder beoordeling maar tog is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou:

Die manier hoe die Vertoner/s deurgaans in die klas die perd/e hanteer en vertoon speel ook ’n rol in die beoordeling.

Die algehele prentjie van die Vertoner, perd en tuig speel ‘n rol in die beoordeling.

**13. KLASLYS TYDENS SKOUE**

| | |
|---|---|
| **FRIESPERD SKOUKLASSE EN KLASBESKRYWINGS** | |
| **TUIGKLASSE** | |
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| | **UNIVERSELE STYL: BESKRYWING VAN GANGE:**<br><br>**Die saamgevatte draf** is 'n energieke voorwaartse beweging, waartydens die perd op die "bit" bly, die beweging is meer gedryf vanuit die agterlyf, en van onder die perd af ("engaged"), met 'n duidelike fleksie in die hakgewrig en die kootgewrig,wat 'n opwaartse beweging in die voorhand toon. Die agterlyf dra meer gewig en'n duidelike kadens moet sigbaar wees. Die bewegings toon meer elevasie en mobiliteit, met die nek meer gelig en in 'n geboë vorm, waartydens die kruin nog steeds die hoogste punt moet vertoon, met die neus nie na vore uitgedruk nie, die nek mag ook nie uitgestrek na vore wees nie.<br><br>**Die verlengde/uitgestrekte** draf moet 'n duidelike verskil toon waartydens die perd sy tree verleng om soveel moontlik grond te bedek, die aksie spruit voort vanuit die kragtige beweging in die agterlyf ("impulsion"), waar die agterbeen kragtig onder die perd inbeweeg en die agterhoef duidelik die afdruk van die voorste hoef oortrek. Die perd moet balans toon en terselfde tyd dieselfde ritme behou tydens elke tree, versnelde vinnige tree is nie korrek nie. Junior Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, daar word ook minder streng beoordeel op die uitgestrekte draf. |
| F46 | Enkeltuig Nuwelings koetsier (Koetsier se eerste skou) Hings, Merrie of Reun |
| BESKRYWING | F46 Is 'n Enkeltuigklas vir onervare Koetsiers, perde van enige geslag word toegelaat. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n werksdraf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Daar moet 'n definitiewe verandering in spoed wees tussen die saamgevatte draf en werksdraf sonder om styl en aksie in te boet. |
| F47 | Enkeltuig Hings/Reun 2 jaar maar onder 6 jaar |
| F48 | Enkeltuig Merries 2 jaar maar onder 6 jaar |
| **X11** | **Junior Kampioen Enkeltuig** |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | F47, F48 en X11 Is Enkeltuigklasse en 'n Kampioenskap vir perde 2 jaar maar onder 6 jaar. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n werksdraf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Daar moet 'n definitiewe verandering in spoed wees tussen die saamgevatte draf en werksdraf sonder om styl en aksie in te boet. Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, aangesien dit Junior perde is. |
| F49 | **Kampioen Dames Enkeltuig Hings, Merrie of Reun (Drywer 18 jaar en ouer)** |
| BESKRYWING | F49 Is 'n Enkeltuigklas vir perde van enige geslag wat deur ’n Dame, 18 jaar en ouer, vertoon word in elegante uitrustings. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n werksdraf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by 'n damesperd pas. Daar moet 'n definitiewe verandering in spoed wees tussen die saamgevatte draf en werksdraf sonder om styl en aksie in te boet, terwyl die vertoner in beheer van die perd bly. |
| F50 | Enkeltuig Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| F51 | Enkeltuig Merries 6 jaar en ouer |
| BESKRYWING | F50 en F51 Is Enkeltuigklasse vir perde 6 jaar en ouer, perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n werksdraf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Daar moet 'n definitiewe verandering in spoed wees tussen die saamgevatte draf en werksdraf sonder om styl en aksie in te boet. |
| **X12** | **Senior Kampioen Enkeltuig** |
| | **X12 is ’n Kampioenskap vir geplaasde perde uit klasse F50 en F51** |
| F52 | Kinder Enkeltuig 15jr en onder (Helper verpligtend) Slegs Merrie of Reun |
| BESKRYWING | F52 Is 'n Enkeltuigklas slegs vir merrie of reun wat deur ’n kind, 15 jaar en jonger, vertoon word met 'n helper op die kar. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl enaksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by ’n kinderperd pas, terwyl die Vertoner in beheer van die perd bly. |
| F53 | Kinder Enkeltuig onder 18 jaar Slegs Merrie of Reun |
| BESKRYWING | F53 Is 'n Enkeltuigklas vir perde van enige geslag wat deur 'n kind jonger as 18 jaar vertoon word. Perde word beoordeel op ’n saamgevatte draf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by ’n kinderperd pas. Daar moet ’n definitiewe verandering in spoed wees tussen die saamgevatte draf en werksdraf sonder om styl en aksie in te boet, terwyl die vertoner in beheer van die perd bly. |
| **F54** | **Junior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hings, Merrie, Reun 2 jaar maar onder 6 jaar** |
| BESKRYWING | F54 Is 'n Enkeltuig Kampioenskap vir perde enige geslag, 2 jaar maar onder 6 jaar, in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengdedraf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Junior Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, daar word ook minder streng beoordeel op die verlengde/uitgestrekte draf. |
| F55 | Dames Enkeltuig Universeel Hings, Merrie of Reun (Drywer 18 jaar en ouer) |
| BESKRYWING | F55 Is 'n Enkeltuig klas vir perde enige geslag vertoon deur ’n Dame, 18 jaar en ouer, in 'n elegante uitrusting volgens Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengde draf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. |
| **F56** | **Senior Kampioen: Enkeltuig Universeel Hings, Merrie of Reun 6 jaar en ouer** |
| BESKRYWING | F56 Is 'n Enkeltuig Kampioenskap vir perde enige geslag 6 jaar en ouer in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengde/uitgestrekte draf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. |
| F57 | Siertuig Hings, Merrie of Reun onder 2 jaar |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | F57 is 'n Siertuig klas vir perde van enige geslag onder 2 jaar. Perde word beoordeel op 'n ritmiese pronkdraf en 'n pronkstap. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word aangesien dit Junior perde is. |
| F58 | Siertuig Hings/Reun 2 jaar maar onder 6 jaar |
| F59 | Siertuig Merries 2 jaar maar onder 6 jaar |
| BESKRYWING | F58 en F59 is Siertuig klasse vir onderskeidelik hingste/reuns en merries 2 jaar maar onder 6 jaar. Perde word beoordeel op 'n ritmiese pronkdraf en 'n pronkstap. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Perde mag'n fout maak en vinnig herstel sonder om oomatig gepenaliseer to word aangesien dit Junior perde is. |
| **X13** | **Junior Kampioen Siertuig** |
| | **X13 is ’n Kampioenskap vir geplaasde perde uit Klasse F57, F58 en F59** |
| F60 | Dames Siertuig (18 jaar en ouer) |
| BESKRYWING | F60 Is 'n Siertuigklas vir perde van enige geslag wat deur ’n Dame, 18 jaar en ouer, vertoon word in elegante uitrustings. Perde word beoordeel op ’n ritmiese pronkdraf en 'n pronkstap. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering vandie gange, styl en aksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by 'n damesperd pas. |
| F61 | Siertuig Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| F62 | Siertuig Merries bo 6 jaar en ouer |
| BESKRYWING | F61 en F62 is Siertuig klasse vir onderskeidelik hingste/reuns en merries, 6 jaar en ouer. Perde word beoordeel op 'n ritmiese pronkdraf en 'n pronkstap, Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. |
| **X14** | **Senior Kampioen Siertuig** |
| | **X14 is ’n Kampioenskap vir geplaasde perde uit F60, F61 en F62** |
| F63 | Kinder Siertuig onder 18 jaar. Slegs Merrie of Reun |
| BESKRYWING | F63 Is 'n Siertuigklas vir merrie of reun wat deur 'n kind jonger as 18 jaar vertoon word. Perde word beoordeel op 'n ritmiese pronkdraf en 'n pronkstap. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie en dat die perd die maniere en gehoorsaamheid toon wat by 'n kinderperd pas. |
| **F64** | **Junior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proef tydperk)** |
| BESKRYWING | F64 is 'n Dubbeltuig Kampioenskap vir perde van enige geslag 2 jaar maar onder 6 jaar in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengde draf. Dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. Perde mag foute maak en vinnig herstel aangesien dit Junior perde is. |
| **F65** | **Senior Kampioen Dubbeltuig Universeel (Slegs vir proeftydperk)** |
| BESKRYWING | F65 is 'n Dubbeltuig Kampioenskap vir perde van enige geslag 6 jaar en ouer in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengde draf. Dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. |
| **F66** | **Junior Kampioen Dubbeltuig** |
| BESKRYWING | F66 is 'n Dubbeltuig Kampioenskap vir perde van enige geslag 2 jaar maar onder6 jaar. Perde word beoordeel op 'n werksdraf, dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. Perde mag foute maak en vinnig herstel aangesien dit Junior perde is. |
| **F67** | Kinder Dubbeltuig onder 18 jaar |

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | F67 is 'n Dubbeltuig Klas vir merrie of reun perde wat deur 'n kind onder 18 jaar vertoon word. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. |
| **F68** | **Kampioen Paar Koetsperde** |
| BESKRYWING | F68 is 'n Dubbeltuig Kampioenskap vir perde van enige geslag en ouderdom. Perde word beoordeel op 'n werksdraf, platvoet stap en gehoorsaamheid om op bevel van halt te stop, stil te staan en op bevel van die Aankondiger weer voort te gaan sonder hulp van buite die skoubaan. Koetsperde moet soos dubbeltuig perde bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek, sonder hulpmiddels soos ophalers, afhalers en valsleisels. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. |
| **F69** | Dubbeltuig Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| **F70** | Dubbeltuig Merries 6 jaar en ouer |
| BESKRYWING | F69 en F70 is 'n Dubbeltuig Klasse vir onderskeidelik hingste/reuns en merries 6 jaar en ouer. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. |
| **F71** | Dames Dubbeltuig (18 jaar en ouer) |
| BESKRYWING | F71 is 'n Dubbeltuig Klas vir perde van enige geslag wat deur 'n Dame 18 jaar en ouer vertoon word. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Dubbeltuig perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, styl en aksie. |
| **X15** | **Senior Kampioen Dubbeltuig** |
| BESKRYWING | X15 is 'n Kampioenskap vir geplaasde perde uit klasse F69, F70 en F71 |
| F72 | Tandem Hings/Reun 2 jaar maar onder 6 jaar |
| F73 | Tandem Merries 2 jaar maar onder 6 jaar |
| **X16** | **Junior Kampioen Tandem** |
| BESKRYWING | F72, F73 en X16 is Tandem klasse en Kampioenskap vir perde 2 jaar maar onder6 jaar. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Tandem perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, dryfkuns, styl en aksie. Perde mag foute maak en vinnig herstel aangesien dit nog Junior perde is. Slegs een Vertoner is toelaatbaar. |
| F74 | Tandam Hings/Reun 6 jaar en ouer |
| F75 | Tandem Merries 6 jaar en ouer |
| **X17** | **Senior Kampioen Tandem** |
| BESKRYWING | F74, F75 en X17 is Tandem klasse en Kampioenskap vir perde 6 jaar en ouer. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Tandem perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, dryfkuns, styl en aksie. Slegs een Vertoner is toelaatbaar. |
| F76 | Span van Vier Hingste/Reuns |
| F77 | Span van Vier Merries |
| **X18** | **Kampioen Span van Vier** |
| BESKRYWING | F76, F77 en X18 is Vierspan klasse en Kampioenskap vir perde van enige ouderdom. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Die vier perde moet bymekaar pas, 'n span vorm en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, dryfkuns, styl en aksie. |
| **F78** | **Kampioen Klawer** |
| BESKRYWING | F78 is 'n Klawer Kampioenskap vir perde enige ouderdom of geslag. Perde word beoordeel op 'n werksdraf. Die drie perde moet bymekaar pas en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde |

| | |
|---|---|
| | as eenheid reguit trek, dryfkuns, styl en aksie. |
| **F79** | **Kampioen Span van Agt** |
| BESKRYWING | F79 is 'n Span van agt Kampioenskap vir perde enige ouderdom of geslag. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte tot werksdraf. Die agt perde moet bymekaar pas, 'n span vorm en as 'n eenheid saam trek. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, dat die perde as eenheid reguit trek, dryfkuns, styl en aksie. |
| **F80** | **Kampioen Enkeltuig Plesierperd** |
| BESKRYWING | F80 is 'n Enkeltuig Plesierperd Kampioenskap vir perde van enige geslag 6 jaar of ouer. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte tot werksdraf, plat voet stap en gehoorsaamheid om op bevel van halt te stop, stil te staan en op bevel van die Aankondiger weer voort te gaan sonder hulp van buite die skoubaan. Beoordelaars kyk na die korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. Plesierperde se maksimum hoeflengte is 120mm yster ingesluit. 'n Plesierperd is 'n goed gemanierde perd wat die indruk skep dat dit 'n plesier is om die perd in te span en om met die perd te werk. |

| **<u>TUIGKLASSE - vervolg: Predikate</u>** | |
|---|---|
| NOMMER | KLASBESKRYWING |
| | **UNIVERSELE STYL: BESKRYWING VAN GANGE:**<br><br>**Die saamgevatte draf** is 'n energieke voorwaartse beweging, waartydens die perd op die "bit" bly, die beweging is meer gedryf vanuit die agterlyf, en van onder die perd af ("engaged"), met 'n duidelike fleksie in die hakgewrig en die kootgewrig,wat 'n opwaartse beweging in die voorhand toon. Die agterlyf dra meer gewig en'n duidelike kadens moet sigbaar wees. Die bewegings toon meer elevasie en mobiliteit, met die nek meer gelig en in 'n geboë vorm, waartydens die kruin nog steeds die hoogste punt moet vertoon, met die neus nie na vore uitgedruk nie, die nek mag ook nie uitgestrek na vore wees nie.<br><br>**Die verlengde/uitgestrekte** draf moet 'n duidelike verskil toon waartydens die perd sy tree verleng om so veel moontlik grond te bedek, die aksie spruit voort vanuit die kragtige beweging in die agterlyf ("impulsion"), waar die agterbeen kragtig onder die perd inbeweeg en die agterhoef duidelik die afdruk van die voorste hoef oortrek. Die perd moet balans toon en ter selfde tyd dieselfde ritme behou tydens elke tree, versnelde vinnige tree is nie korrek nie. Junior Perde mag 'n fout maak en vinnig herstel sonder om oormatig gepenaliseer te word, daar word ook minder streng beoordeel op die uitgestrekte draf. |
| F97 | Hings met Dekvergunning Enkeltuig |
| F98 | Stamboek Hings onder Enkeltuig |
| BESKRYWING | F97 en F98 Is automatiese Enkeltuig Kampioenskappe vir Hingste met dekvergunning en Stamboek Hingste in Universele styl. Perde word beoordeel op 'n saamgevatte draf en 'n verlengde/uitgestrekte draf. Beoordelaars kyk na korrekte uitvoering van die gange, styl en aksie. |

# HOOFSTUK 7

## VERTOONKLASSE

**DOEL MET VERTOONKLAS PROTOKOL**

Om 'n sisteem daar te stel waardeur almal op hoogte gebring kan word oor wat die Vertoonklasse behels en wat die reëls ten opsigte van die klasse is.

**1. ALGEMENE REëLS**

a) Die basiese reëls en etiket van die skouklasse geld ook vir Vertoonklasse.
b) Vertonings is een van die belangrikste vertoonvensters van die Friesperd Ras, dit is daarom baie belangrik dat Vertonings altyd professioneel en georden aangebied moet word.
c) Die toerusting, kleredrag, tooisels en algemene logistiek van vertonings lê hoofsaaklik by die Vertoners self en die Skoukomitee.
d) Alhoewel vertonings oop is vir almal moet daar tog altyd gepoog word om slegs afgerigte perde, Hanteerders, Ruiters en Drywers te gebruik.
e) Vertonings moet altyd as iets besonders en spesiaals aangebied word.

## HOOFSTUK 8

## JAARLIKSE TOEKENNINGS

Die Raad van die Friesperd Telersgenootskap van SA het dit goed gedink om vannaf 2018 Telers, Vertoners en Perde te beloon vir hulle harde werk en moeite om skoue by te woon. Daar sal elke jaar Amptelike Skoue deur die Raad aangewys word wat dan in aanmerking sal kom vir die berekening van die onderskeie punte ten opsigte van elke Toekenning.

Die onderskeie Toekennings is die volgende:

**Vertoner met die meeste punte**
Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken in Klasse en Kampioenskappe waar slegs die perd beoordeel word, dus Ruiterkuns Klasse en Kampioenskappe uitgesluit.

Punte word as volg toegeken:

1ste - 5 punte
2de - 4 punte
3de - 3 punte
4de - 2 punte
5de - 1 punt

Die punte word vermenigvuldig met die getal deelnemers in die Klas of Kampioenskap sodat presteerders van groter Klasse of Kampioenskappe meer punte verdien as die perd wat alleen deelgeneem het. Byvoorbeeld: 'n klas het 9 deelnemers, die wenner kry 5 punte x 9 deelnemers = 45 punte vir sy Eienaar, soos aangedui op die inskrywingsvorm van die skou. Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Vertoner se finale punte vir die jaar te bepaal.

**Vertoner van Kampioene**
Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir alle Kampioenskappe.

Punte word as volg toegeken:

Kampioen - 2 punte
Reserwe Kampioen - 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Eienaar soos op die inskrywingsvorm se finale punte vir die jaar te bepaal.

**Teler van Kampioene**
Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt. Slegs die voorvoegsels soos op die skou uitslae van die perde verdien punte en nie die huidige Eienaar of Vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie voorvoegsels.

Punte word as volg toegeken:

Kampioen - 2 punte
Reserwe Kampioen - 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Teler se finale punte vir die jaar te bepaal.

**Skou Hings van die Jaar**

Die toekenning word gemaak aan ŉ Hings wie se nageslag goed in die skoubaan presteer. Slegs Kampioene en Reserwe kampioene word in aanmerking geneem. Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt. Slegs die Vader van die perde verdien punte en nie die huidige Eienaar of Vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie Vaders.

Punte word as volg toegeken:

Kampioen - 2 punte
Reserwe Kampioen - 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Hings se finale punte vir die jaar te bepaal.

**Eervolle Vermelding**

Dit is nie ŉ toekenning nie, maar ons kan nie anders as om melding te maak van sekere perde nie.

**Skou Perd van die Jaar**

Die toekening word gemaak aan ŉ perd wat die meeste punte kan insamel in Kampioenskappe. Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir homself.

Punte word as volg toegeken:

Kampioen - 5 punte
Reserwe Kampioen - 4 punte
3de Kampioen - 3 punte
4de Kampioen - 2 punte
5de Kampioen - 1 punt

Waar twee perde dieselfde punte het, word die perd wat meer maal geplaas is in Kampioenskappe in die hoër posisie geplaas op die ranglys tussen die twee.
Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die perd se finale punte vir die jaar te bepaal.

**Presidentstoekening**

Dit is die grootste toekenning van die jaar en kan gemaak word aan ŉ Vertoner, Teler, Perd of Persoon wat in oordeel van die President en Raad in die betrokke jaar die hoogste sport bereik het.

Die akuraatheid van die punte toekennings is onderhewig aan die volledigheid en korrektheid van skou uitslae en die Vertoners se inskrywingsvorms vir die skoue. Die Genootskap of Lede van die Raad aanvaar dus geen aanspreeklikheid vir ŉ foutiewe berekening nie.

## HOOFSTUK 9

## GANGE TEN OPSIGTE VAN VERSKILLENDE DISSIPLINES

### 9.1 RYKLASSE :

| **Driegang** | **Driegang Plesierperd** | **Kinders o/14 en o/18** |
|---|---|---|
| Draf. | Draf. | Draf. |
| Stap. | Platvoet stap. | Stap. |
| Gallop. | Gallop. | Gallop. |
| Stap. | Platvoet stap. | Stap. |
| Draai om. | Draai om. | Draai om. |
| Draf. | Draf. | Draf. |
| Stap. | Platvoet stap. | Stap. |
| Gallop. | Gallop. | Gallop. |
| Stap. | Platvoet stap. | Stap. |
| Kom in en tree aan. | Kom in en tree aan. | Kom in en tree aan. |

### 9.2 TUIGKLASSE :

| **Siertuig** | **Enkeltuig** | **Enkeltuig Kinders o/14 en o/18** |
|---|---|---|
| Pronk draf. | Saamgevatte draf in kom. | Saamgevatte draf in kom. |
| Pronk stap. | Vertoon jou perd. | Verander van rigting **deur die diagonaal.** |
| Verander van rigting **deur die diagonaal.** | Kom terug na 'n saamgevatte draf. | Gaan voort op saamgevatte draf. |
| Gaan voort op pronk draf. | Verander van rigting **deur die diagonaal.** | Kom in en tree aan op 'n stap. |
| Pronk stap. | Gaan voort op saamgevatte draf. | |
| Kom in en tree aan op 'n stap. | Vertoon jou perd. | |
| | Kom terug na 'n saamgevatte draf. | |
| | Kom in en tree aan op 'n stap. | |

### 9.3 ANDER TUIGKLASSE :

| **Plesierperd Enkeltuig** | **Dubbeltuig, Tandem, Klawer, Vierspan, Span van Agt** | **Koetsperde** |
|---|---|---|
| Saamgevatte tot werksdraf kom baan binne. | Draf. | Draf. |
| Platvoet stap. | Verander van rigting **deur die diagonaal.** | Platvoet stap. |
| Halt. | Draf. | Halt. |
| Verander van rigting **deur die diagonaal.** | Kom in en tree aan op 'n stap. | Verander van rigting **deur die diagonaal.** |
| Gaan voort op 'n saamgevatte tot werksdraf. | | Draf. |
| Platvoet stap. | | Platvoet stap. |

| | | |
|---|---|---|
| Halt. | | Halt. |
| Kom in en tree aan op ‘n stap | | Kom in en tree aan op ’n stap. |

**9.4 UNIVERSELE RYKLASSE EN TUIGKLASSE :**

| **Universele Driegang** | **Universele Tuigklasse** | **Sport en Elite Sport** |
|---|---|---|
| Draf kloksgewys baan binne. | Draf kloksgewys baan binne. | Draf kloksgewys baan binne. |
| Verlengde draf sal gevra word. | Vertoon jou perd. | Verlengde draf en saamgevat mag gevra word. |
| Stap. | Kom terug na ‘n draf. | Stap. |
| Gallop. | Verander van rigting deur die diagonaal. | Gallop. Verlengde en saamgevat mag gevra word. |
| Terug na draf. | Gaan voort op ‘n draf. | Verander van rigting deur die diagonaal met ‘n wissel van been. |
| Verander van rigting deur die diagonaal. | Vertoon jou perd. | Sport – “simple change”<br>Sport Elite – “flying change”. |
| Verlengde draf mag gevra word. | Kom in en tree aan op ’n stap. | Na rigting verandering, gaan voort op ‘n draf. Verlengde en saamgevat mag gevra word. |
| Stap. | | Stap. |
| Gallop. | | Gallop. Verlengde en saamgevat mag gevra word. |
| Stap. | | Stap. |
| Kom in en tree aan. | | Kom in en tree aan. |
| | | Sport Elite mag gevra word tydens basis gange vir:<br>Passage of Piaffe in Draf.<br>Halfpas of vol pirouette in gallop.<br>“3 Time Flying Changes”<br>“2 Time Flying Changes” |

## HOOFSTUK 10

## “WESTERN” PLESIERPERD

a) Die Friesperd wat vir die “Western” afdeling gekies word, moet kwaliteit, styl en teenwoordigheid hê.

b) Die perd moet gemaklik en geskik wees om beide in die skouring en op die roete te ry. ’n Maklike grondbedekkingsaksie word vereis en daar word te alle tye klem gelê op goeie maniere:

- Maniere
- Optrede
- Teenwoordigheid
- Gehalte
- Bouvorm

c) “Western” perde word 50% beoordeel op maniere, sterkheid, teenwoordigheid en opkoms van perd, uitstalling en “tack”, 25% prestasie en 25% bouvorm.

Ingang: perde gaan die arena binne met 'n draf wat in 'n teenhorlosie rigting of die regterhandse rigting deur die hek beweeg

Orde van gang: perde gaan die arena binne met ’n draf en sal dan gevra word vir ’n platvoet stap, loop, stop, draai om en herhaal die boonste voordat hulle gevra sal word om “line-up”. Daar word van perde verwag om stil en terug te tree in die “line-up”.

Kleredrag: Ruiters moet langmouhemp of “Western” baadjie met kraaghemp dra. In beide gevalle sal 'n stropdas, doek van bolo-das, stroopdas, roset-das of speld toegelaat word. “Kentucky style jodhpur” in soliede kleur word vereis. Shaps, shotgun chaps of chinks is opsioneel. 'n Frokkie, jas of trui is opsioneel.

Stewels: “Western” stewels of rystewels (kort) word vereis.

Hoed: Ruiters moet 'n hoed in die “Western” styl dra.

Handskoene, spore en “crops”: Handskoene en westelike spore is opsioneel. “Crops” word nie toegelaat nie.